Voorgraadse Studente op die Universiteit van Stellenbosch en die Taalbeleid

’n Strategiese Meningsopname

Lawrence Schlemmer
PRAESA

April 2008

Konsepverslag:

Hierdie verslag is onder tydsdruk voorberei en die skrywer vra om verskoning vir foute wat in die dokument nog voorkom. Daar is ook sekere statistiese en inhoudelike aspekte wat nog kortliks bygewerk moet word. **Die gevolgtrekkings teen die einde van die verslag sal egter nie na afrondingswerk verander nie.**
LS
2008-04-21

Inhoudsopgawe

Opsomming **5**
1. Opmerkings ter inleiding **9**
2. Die metodologie kortliks uiteengesit **12**
3. Onderliggende Persepsies en Gesindhede **15**
3.1 Aspekte van die aanpassing van studente op die universiteit 15
3.2 Die self-beoordeelde taalvaardigheid van studente in Afrikaans en Engels 16
3.3 Die beduidendheid van die taalaangeleentheid en taaldebat op Stellenbosch vir die studente self 18
3.4 Sieninge oor die toekoms van Afrikaans as universiteitstaal op US 19
3.5 Persepsies van Engels in die akademiese wêreld 22
3.6 Siening van studente oor hul persoonlike toekoms 23
4. Die taalbeleid op US soos studente dit evalueer **25**
4.1 Algemene reaksies op die taalbeleid: 25
4.2 Toegewings aan Engels: 30
4.3 Reaksies op die T Opsie: 31
4.4 Die T-Opsie, akademiese prestasies en ander voor en nadele van die Opsie: 33
4.5 Die T-Opsie en taalvaardigheid onder dosente: 37
4.6 Reaksies op alternatiewe tot die T-Opsie: 38
4.7 Taalopsies met mekaar vergelyk 43
4.8 Wye steun vir ’n Afrikaansgerigte tradisie op US 45
5. Verwantskappe in die gegewens en onderliggende impakte **47**
6. Gevolgtrekkings en Bespreking **50**
6.1 Onderliggende gesindhede en houdings: 50
6.2 Basiese taalgesindhede van Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente: 53
6.3 Taalbeleid op US: 54
6.3.1 Hoe word die taalbeleid verstaan? 54
6.3.2 Tevredenheid met huidige taalbeleid al dan nie: 55
6.3.3 Ervaringe van die T-Opsie: 56
6.3.4 Wat sou die gewildste taalbeleid wees? 57
6.4 Algemene Bespreking: 58
6.5 Oplossings? 61
Aanhangsel: Afskrif van die Vraeboog **65**

Lys van tabelle

Tabel 1. Gerealiseerde steekproef (% en getalle) met voorgraadse studente-inskrywings volgens huistaal en fakulteit vergelyk 13
Tabel 2. Grootste probleme in die vorige jaar ervaar 16
Tabel 3. Self-beoordeelde taalvaardigheid in die alternatiewe taal onder studente 17
Tabel 4. Belangrikheid al dan nie van die gesprek oor taal op Stellenbosch volgens huistaal 19
Tabel 5a. Die toekoms van Afrikaans op Stellenbosch wat studente voorspel volgens huistaal 20
Tabel 5b. Bykomstige persepsies in antwoorde op die vorige vraag 21
Tabel 6. Antwoorde op ʼn reeks aparte vrae oor die rol en belangrikheid van Engels as akademiese taal, volgens huistaal 22
Tabel 7. Persepsies van toekomsgeleenthede in SA na afloop van studies 23
Tabel 8. Algemene persepsies van en reaksies op taalbeleid soos deur die studente ervaar 26
Tabel 9a. Tevredenheid of ontevredenheid met en algehele aanvaarbaarheid van die huidige taalbeleid in student se fakulteit volgens huistaal 27
Tabel 9b. Tevredenheid of ontevredenheid met of aanvaarbaarheid van die huidige taalbeleid in student se fakulteit volgens fakulteit 29
Tabel 10a. Reaksies op verengelsing van Afrikaanse universiteite in die breë volgens huistaal 30
Tabel 10b. Reaksies op verengelsing van Afrikaanse universiteite in die breë volgens fakulteit 31
Tabel 11. Word die tale gelykmatig in die T Opsie gebruik of word meer Afrikaans of meer Engels gebruik? 32
Tabel 12. Het die T-Opsie akademiese prestasies positief, geensins of negatief geaffekteer? 33
Tabel 13. Algemene ervaring van die T-Opsie 35
Tabel 14. Kategorisering van die spontane antwoorde oor die voor en nadele van die T-Opsie 36
Tabel 15a. Algemene ervaring van die taalvaardigheid van Afrikaanssprekende dosente wat Engels in die T-Opsie moes gebruik 37
Tabel 15b. Algemene ervaring van die taalvaardigheid van nie-Afrikaanssprekende dosente wat Afrikaans in die T-Opsie moes gebruik 38
Tabel 16. Reaksie indien T-Opsie met lesings slegs in Afrikaans vervang sou word 39
Tabel 17. Reaksie indien T Opsie met lesings slegs in Engels vervang word 39
Tabel 18. Algehele reaksie op ʼn T-Opsie benadering met eweredige taalgebruik 40
Tabel 19. Behoefte aan noukeurige en deurlopende monitering van taalgebruik om eweredigheid te verseker 41
Tabel 20. Tevredenheid met ʼn taalbeleid INDIEN dit daartoe sou lei dat Afrikaans as voertaal op US uitgefaseer sou word 41
Tabel 21. Die enkele Suid Afrikaanse taal wat die studente persoonlik die meeste as taal van onderrig op universiteit sou verkies 42
Tabel 22. Voorkeure uit ʼn reeks opsies vir ʼn taalbeleid: persentasies wat die keuse sou verwelkom, aanvaar of neutraal sou staan TEENOOR persentasies wat dit onaanvaarbaar sou vind 44
Tabel 23. Reaksies op die moontlikheid dat die kultuur en karakter van Afrikaanse universiteite deur taal-aanpassings verander sou kon word 46
Tabel 24. Die uitwerking van akademiese prestasies op reaksies op US taalbeleid 47
Tabel 25. Die uitwerking van algemene reaksies op taalbeleid op ander antwoorde 48
Tabel 26. Die uitwerking van die siening dat Engels as sterker wordende wêreldtaal onstuitbaar is en deur universiteite aanvaar behoort te word 49

Bedankings

Die skrywer wil graag die volgende persone innig bedank vir praktiese hulp en of waardevolle kommentaar en insette in die uitvoer van hierdie studie en die voorbereiding van die verslag: prof. Neville Alexander, prof. Pierre du Toit, dr. Johann Groenewald, Cecile Kotzé, Gustav Hendrich, Lauren van den Berg en Monica Bot

Opsomming

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch is tans besig met ʼn hersiening van die Universiteit se onderrigtaal-beleid en as deel van die proses is die skrywer versoek om ʼn meningsopname onder voorgraadse studente uit te voer.

Vorige opnames in die verband is per internet met selfverkose steekproewe uitgevoer, en daarom is die huidige ondersoek op persoonlike onderhoude gebaseer. Deur bemiddeling van die kantoor van die Registrateur is ʼn gestratifiseerde ewekansige steekproef van voorgraadse studente met hul kontakbesonderhede getrek. Studente is as onderhoudvoerders gewerf en spesiaal vir die taak opgelei. Die vraeboog vir die onderhoude is na wye raadpleging opgestel en daarna deur die Etiekkomitee van die Universiteit goedgekeur. Laasgenoemde noodsaaklike stap het egter tot ʼn vertraging in die aanvang van die veldwerk gelei. Hierdie vertraging asook probleme wat met die opsporing van studente in die steekproef ondervind is, het veroorsaak dat die oorspronklike steekproef ewekansig ingekort moes word.

Die uiteindelike steekproefgrootte was 235 studente -- ʼn minimumgrootte vir die doeleindes van die ondersoek. Die vertolking van die resultate is om hierdie rede uiters versigtig, en belangrike gevolgtrekkings word slegs op grond van onderling stawende insigte uit meer as een vraag in die onderhoud gemaak. Die sub-steekproef van Xhosa-sprekende en ander Afrikataalsprekers is egter te klein om statisties beduidende inligting te verskaf en dié minderhede behoort in ʼn spesiale opvolg-ondersoek gedek te word. Die resultate wat hier bespreek word dek dus die studentemeerderheid van Afrikaans en Engelssprekendes asook diegene uit tweetalige huishoudings. Die opname het ʼn wye veld van onderwerpe gedek om taalbeleid-aangeleenthede vanuit verskillende perspektiewe te kon evalueer.

Sowat ʼn derde van die studente ervaar beduidende aanpassingsprobleme wat met taalgebruik en onderrigtaal te make het. Nie-Afrikaanssprekende studente, waarvan amper 40% hulle eie tweetaligheid as swak of baie swak bestempel het, ervaar die grootste probleme in die verband. Nogtans het ʼn meerderheid van nagenoeg 80% van alle studente hulle tevredenheid met die huidige taalbeleid in die breë uitgespreek. Die

ontevredenheid van die minderheid is oor die algemeen nie skerp nie en slegs om-en-by 15% van die Engelssprekende studente vind die huidige taalbeleid onaanvaarbaar.

Verskeie vrae het die tweetalige T-Opsie benadering gedek, waarvan 77% van die steekproef ervaring gehad het. Soos verwag sou kon word op grond van die formele T-Opsie beleid en die breë taalindeling op die kampus, is die algemene persepsie onder studente dat beduidend meer Afrikaans as Engels gebruik word. Afrikaanssprekende studente het derhalwe nie slegs ʼn hoë vlak van tevredenheid met die taalbeleid nie maar ook ʼn merkwaardige rustigheid oor die posisie van Afrikaans in die Universiteit ondanks kommer onder belanghebbers en wendinge elders in die land. Engelssprekende studente het egter wel ʼn verhoogde persepsie van oneweredige gebruik van Afrikaans in die T-Opsie. Die meeste studente se ervaring is dat hulle akademiese prestasies nie deur die T-Opsie benadering negatief beïnvloed word nie en amper 70% is goedkeurend oor dié benadering as ʼn manier om die behoeftes van nie-Afrikaanssprekende en nie-tweetalige studente te ondervang.

In verskeie response gee die meerderheid onder die Afrikaansprekende studente te kenne dat hulle oor die algemeen baie toegewings-gesind teenoor die taal-minderhede ingestel is. Die Afrikaanssprekende studente se goedgesindheid en buigsaamheid moet egter teen die agtergrond van die steeds primêre status van Afrikaans op die kampus gesien word. Hoewel hulle die voordele van blootstelling aan Engels baie waardeer en min tekens van taalbedreiging vertoon, is die oorgrote meerderheid van Afrikaanssprekendes wel onderliggend aan die beskerming van Afrikaans toegewy.

Meeste Engelssprekende studente, ondanks hul matige taalgekoppelde frustrasies, sou dit as negatief ervaar indien Afrikaans op US uitgefaseer sou word en daar is by hulle ʼn beduidende waardering vir die “Afrikaanse” akademiese kultuur op US.

Wat gewildheid van alternatiewe beleidskeuses aanbetref, sou nagenoeg 80% of meer van die Afrikaanssprekende, Engelssprekende en dubbeltalige studente se keuses vir die US ʼn besondere mate van beweegruimte wat taalbeleid betref gun. Een van die gewilde alternatiewe onder altwee taalgroepe is ʼn gebalanseerde en deeglik gemoniteerde T-Opsie. ʼn Nog meer gewilde keuse sou ʼn basies Afrikaanstalige beleid met Engelse toevoegings wees waarin die redelike behoeftes van nie-

Afrikaansprekende studente ondervang word. Parallelmedium klasse sou ook ʼn gewilde keuse kon wees, veral onder nie-Afrikaanssprekendes.

Dit sou egter ʼn fout wees om slegs gelei te word deur hierdie gematigde meerderheidskeuses, omdat die mees intense weerstand, onder beide taalgroepe, van die rande af sal kom. Onder minderheidgroepe in altwee taalgroepe sou daar groter intensiteit van verwagtinge wees wat ʼn potensiaal vir protes en weerstand sal inhou.

Op grond van die bogenoemde gevaar en die bevindinge van die opname in die geheel gesien, kan die mees aanvaarbare beleidsopsies soos volg evalueer word:

Die T-Opsie benadering met ʼn eweredige gebruik van die twee tale en noukeurige monitering. Enige "tweetalige" opsie skep duidelik verwagtinge by studente dat die tale gelyk behandel sal word (nooit die bedoeling van die formele T-Opsie beleid nie). Daarom sal monitering streng moet wees en dit sal op sigself irritasies veroorsaak. ʼn Groot probleem wat dié opsie betref is die gebrekkige tweetaligheid onder ʼn groot minderheid van nie-Afrikaanstalige studente en personeel. Die grootste probleem is egter dat dit voorkom asof ʻn beduidende proporsie van die studente, en veral studente van minderbevoorregte agtergronde, probleme met hierdie Opsie ervaar in die sin dat die afwisseling van tale hulle konsentrasie verbreek, dat die herhaling van inhoud waardevolle tyd in beslag neem wat beter benut kan word en dat ʼn beduidende minderheid van hierdie studente voel dat die Opsie hulle akademiese prestasies negatief beïnvloed. Daarom het die Opsie waarskynlik meer opvoedkundige studie nodig alvorens dit as ʼn grondslag vir algemene taalbeleid sou kon dien.

Parallelmedium onderrig. Dit sal ook verwagtinge van gelyke behandeling van tale stimuleer. Op grond van vermeende loopbaanvoordele en ander faktore het Afrikaanssprekende studente genoegsame waardering vir blootstelling aan Engels dat ʼn beduidende persentasie van hulle die Engelse stroom sal bywoon, wat op sy beurt die geloofwaardigheid van ʼn duur beleid sal ondermyn. Parallelmedium onderrig sal ook niks tot die taalvaardigheid in Afrikaans onder nie-Afrikaanse personeel en studente bydra nie.

Afrikaans as die primêre taal, met deeglike toevoegings in Engels. Hierdie benadering is die gewildste onder die keuses wat die studente in die opname oorweeg het en dit is inderdaad een wat by die rol en roeping van US sou pas. Met die minderheid van intense frustrasies van Engelssprekende studente in gedagte en die verantwoordelikheid van die US om nie-Afrikaanssprekende agtergeblewe studente te bemagtig, sal dit egter met baie effektiewe en verpligte taalkursusse en oortuigende kommunikasie vroeg in elke akademiese jaar om die rasionaal te verduidelik, gepaard moet gaan: Met sodanige voorwaardes en ander wat in die verslag genoem word, sou hierdie beleid aan feitlik alle oorwegings wat uit die opname voortspruit voldoen.

****

1. Opmerkings ter inleiding

Soos by meeste opvoedkundige instellings in Suid Afrika is taalbeleid op universiteite tans midde in ʼn proses van aanpassing. Die Universiteit van Stellenbosch is geen uitsondering nie. Hierdie proses word onvermydelik van aktiewe debatvoering onder belanghebbers en ʼn mindere of meerdere mate van omstredenheid vergesel.

Tans kan die Universiteit nie sondermeer as ʼn basies Afrikaanstalige instelling beskou word nie. Onder die vorige rektor is ʼn proses van taalaanpassing versnel deurdat die beleid aangepas is sodat fakulteite aan departemente vergunning kon verleen om keuses uit te oefen tussen drie onderrig-opsies, ʼn Afrikaanse opsie, die opsie van klasse in Engels of die sogenaamde T-Opsie waarvolgens klasse in altwee tale aangebied kan word, met afwisseling van Afrikaans en Engels in dieselfde lesing. Die formele beleidsomskrywing van die T-Opsie bepaal dat die taalgebruik oorwegend Afrikaans sal wees met die gebruik van Engels tot ʼn maksimum van 50% beperk, maar die minder formele siening van die beleid is dikwels dat dit onomwonde ʼn tweetalige benadering is. Gedryf deur die verwagtinge aan regeringskant dat die US onbelemmerde toegangsgeleenthede vir swart studente moet aanbied, wat gesien word om onderrig in Engels te impliseer, asook ʼn toename in nie-Afrikaanssprekende studente en dosente, het dié bepaalde keuse gou byval gevind en redelik vinnig gewild geword, in sekere fakulteite en vakke meer as in ander.

Die vermeende voordele van die T-Opsie is voor-die-hand liggend – die behoeftes van nie-Afrikaansmagtige studente kan in Engels as omgangstaal ondervang word sonder enige addisionele lesings of ʼn beduidende toename in kontak-ure vir dosente. Verder is geredeneer dat die studente binne die tweetalige lesings pynloos hul eie tweetaligheid kan verbeter en boonop voordele trek uit die herhaling van die kerninhoud van ʼn lesing en die ruimer tyd wat dit vir hulle bied om aantekeninge te maak. Alternatiewe maniere om die behoeftes van linguisties diverse studente te ondervang soos parallelmediumonderrig of die gebruik van tolkdienste is op die oog af minder kostedoeltreffende oplossings.

Die T-Opsie kan egter ook ernstige nadele inhou. Die internasionale ervaring is dat waar kleiner tale saam met ʼn wêreldtaal of dominante nasionale taal in openbare

situasies gebruik word, die kleiner taal dikwels met verloop van tyd verdring kan word of tot ʼn sekondêre status afgeskaal word. Dit is veral ʼn gevaar waar die sprekers van die dominante taal minder tweetalig is as die sprekers van die kleiner taal, wat uiteraard ʼn tipiese verskynsel is.

Hierdie verskynsel is in Suid Afrika op skoolvlak goed bekend waar baie meer van die vorige dubbel of parallelmediumskole in die stede na Engels oorgeskakel het as andersom. Hierdie gevaar, asook die huidige erfenis en kultuurwaarde van die US as enigste oorblywende vaandeldraer vir Afrikaans op tersiêre vlak in die Wes- Kaap, het beteken dat die taalverskuiwing ʼn saak van omstredenheid op US geword het. Aangesien die verantwoordelikheid vir finale besluite oor taal of tale van onderrig by die rade van universiteite berus, is die gesprek oor die taalbeleid op die US Raad verder gevoer. Omdat dit gepas is dat ʼn universiteitsraad met die wydste en mees omvattende inligting en getuienis toegerus behoort te word alvorens bindende besluite geneem word, het ʼn meningsopname onder studente as deel van die nodige inligtingsbasis ter sprake gekom.

Daar was reeds twee vorige navorsingsinsette oor reaksies van studente op onderrigtaal beskikbaar wat waardevolle insigte bevat, maar dié studies is elektronies via die internet uitgevoer met vrywillige deelname. Die mate van sydigheid in die oefeninge is onmoontlik om te bepaal. Die ondervragingsmetode het ook tekort geskiet in die sin dat daar nie behoorlik gepols kon word om die veelsydige fasette van die onderwerp ten volle te dek nie. ʼn Meningsopname op grond van persoonlike onderhoude, aangesig tot aangesig, deur onderhoudvoerders sou die meer gepaste metode gewees het.

Studente op ʼn universiteit is natuurlik onder die heel belangrikste belangegroepe in besluitneming oor onderrigmedia. Studente is egter baie selde voldoende gemobiliseer om verteenwoordigende voorkeure en menings oor onderwerpe met veelvoudige fasette uit te spreek. Daar is dus altyd ʼn gevaar dat hul behoeftes of misverstaan sal word of minder aandag in besluitneming sal geniet as wat dit waarop die primêre verbruikers van ʼn onderrigbeleid geregtig is. . Normale demokratiese prosedures, soos bv. referenda, is nie geskik vir besluite oor onderrigbeleid voldoen nie omdat sodanige aangeleenthede gewoonlik te kompleks is om in enige referendumvraag

verwoord te word. Daarom is navorsing wat op persoonlike, anonieme onderhoude gebaseer is die gepaste metode om insette van studente te verkry. Op grond van dergelike oorwegings het die US Raad versoek dat hierdie projek uitgevoer word.

Die ontwerper, ontleder en skrywer van hierdie opname het geen formele betrokkenheid by die Universiteit van Stellenbosch nie. Hoewel hy tans ŉ uitvoerende direkteur is van ŉ navorsingsmaatskappy in Gauteng, het hy uit persoonlike belangstelling in die onderwerp hierdie opname in die hoedanigheid van ’n genoot van *PRAESA* aangepak[1]. Die aansienlike bydraes en betrokkenheid van ander persone word in die bedankings genoem.

[1] Die skrywer (PhD. Kaapstad) tree op as ŉ nie-formele genoot van die ***Projek vir die Studie van Alternatiewe Onderwys in Suid Afrika (PRAESA)***, wat binne die Universiteit van Kaapstad gesetel is. Hy is ŉ uitvoerende direkteur van die firma MarkData (Edms.) Bpk., was tot sy uittrede vise-president van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing te Pretoria, en het voorheen poste as navorsingsdirekteur en professor aan die Universiteite van die Witwatersrand en Natal beklee.

2. Die metodologie kortliks uiteengesit

Daar is vroeg reeds besluit dat die studie op voorgraadse studente gefokus moes word, omdat die keuses en behoeftes wat taal van onderrig op nagraadse vlak betref by die US en by veel ander nie-Engelstalige universiteite noodwendig baie buigsaam moet wees.

Die vraeboog is in konsep na raadpleging met verskeie goed-ingeligte persone in die Universiteit van Stellenbosch opgestel. Daarna is die vraeboog baie deeglik deur die Etiekkomitee van die Universiteit bestudeer en verskeie voorstelle is gemaak en aanvaar. Die vraeboog word aangeheg (Aanhangsel A)

Deur bemiddeling van die kantoor van die Registrateur is uit die elektroniese studente-rekordstelsel ŉ ewekansige steekproef van voorgraadse studente binne Fakulteitsstrata elektronies geselekteer, met telefoniese en e-pos kontakbesonderhede.

Die grootte van die oorspronklike steekproef was 550 name, met ŉ teiken van 500. Die plan was om telefonies of per e-pos afsprake met studente te maak vir vertroulike onderhoude by lokale deur die student aangewys. As gevolg, egter, van die noodsaaklike versoek dat die projek eers deur die Etiekkomitee van die Universiteit goedgekeur moes word, is die aanvang van die onderhoudvoering beduidend vertraag. Die oorspronklike getal kon dus nie gedek word nie omdat studente vir die eksamens moes voorberei en nie tyd vir ŉ lang onderhoud kon afstaan nie. Vertraging het ook ontstaan as gevolg van die feit dat die telfoonkontakbesonderhede en woonplekke van studente dikwels verander en dat die studente nie besonder goed op e-pos boodskappe gereageer het nie. Geen pogings om studente by lesingslokale te vind is aangewend nie omdat dit teenstrydig met die beginsel van private en vertoulike deelname sou gewees het. Hoewel tydrowende pogings wel aangewend is om die studente op te spoor, sou uitgebreide fisiese snuffelwerk by gelyste woonadresse net nie binne die begroting prakties gewees het nie. Die gevolg was dat al die name op die oorspronklike steekproef nie vir onderhoude uitgegee kon word nie. Die steekproef is noodwendig tot 250 afgeskaal, waarvan 235 gerealiseer het.

Omdat die name ewekansig en toevallig getrek is, het die verkleining van die steekproef geen voorspelbare sydigheid veroorsaak nie. Wat wel ’n mate van sydigheid kon veroorsaak het, is dat sekere studente nie geldige kontakbesonderhede gehad het nie en dus nie opgevolg kon word nie. Die moontlike sydigheid bestaan daarin dat studente met ongeldige kontakbesonderhede dalk anders teenoor die vraagstukke van die ondersoek ingestel is as studente met meer stabiele kontakbesonderhede, maar hoe ernstig hierdie sydigheid sou wees is onmoontlik om te bepaal. Hierdie soort probleme ontstaan egter in meeste opnames waarin steekproewe uit moeilik opdateerbare lyste getrek is.

Die onderhoude wat hierna ontleed is kan egter minstens as ’n deeglike **deursnit** van voorgraadse studente se menings beskou word. In tabel 1 word ’n proporsionele vergelyking tussen die gerealiseerde steekproef en die totaal van voorgraadse studente-inskrywings volgens huistaal en fakulteit aangebied (sonder Krygskunde wat by die opname uitgesluit is).

Tabel 1. Gerealiseerde steekproef (% en getalle) met voorgraadse studente inskrywings volgens huistaal en fakulteit vergelyk

Huistaal	**Gerealiseerde Steekproef**	**Voorgraadse Inskrywings**	**Vakrigting**	**Gerealiseerde Steekproef**	**Voorgraadse Inskrywings**
Afrikaans	57% (135)	67%*	Lettere en Sosiale Wetenskappe/ Opvoedkunde /Teologie	22% (52)	26%
Engels	22% (53)	27%*	Ekonomie en Bestuurswetenskappe	35% (83)	29%
Afrikaans en Engels	13%* (31)	2%	Natuurwetenskappe/ Agriwetenskappe	14% (33)	17%
IsiXhosa	3% (6)	1%	Ingenieurswese	8% (18)	11%
Ander	3% (6)	3%	Regte	6% (14)	3%
Geen antwoord	2% (4)	-	Gesondheidwetenskappe	14% (33)	14%
			Geen antwoord	1% (2)	
Totaal	100% (235)	100%	Totaal	100% (235)	100%

* Afwyking is veroorsaak deur die groter % wat in onderhoude voorgee dat hulle huistaal tweetalig is in vergelyking met die huistaal wat in registrasie aangegee is

LW: Krygskunde is uit die ondersoek heeltemal uitgesluit

Uit die vergelyking in tabel 1hierbo wil dit voorkom of Afrikaanssprekendes sowel as Engelssprekendes in die steekproef onderverteenwoordig is. Dit is egter nie noodwendig juis nie. In die onderhoude is opgemerk is dat daar ’n neiging by veral

minderbevoorregte studente bestaan om aan te dui dat hulle uit tweetalige huishoudings afkomstig is terwyl hulle hulself waarskynlik as Afrikaanssprekendes of as Engelssprekendes geregistreer het. Daar is egter wel ʼn onderverteenwoordiging van Lettere en Sosiale Wetenskap studente en ʼn oorverteenwoordiging van Bestuurswetenskappe in die steekproef. Dit kan egter met redelike veiligheid aanvaar word dat die verspreiding in die steekproef **breedweg** die ordegrootte van fakulteite verteenwoordig.

Die ras van studente is nie bepaal nie omdat dit dalk tot gevoelige ondervraging sou gelei het en omdat dit nie vir ontledingdoeleindes nodig geag is nie. Wat wel in die onderhoudvoering geblyk het, is dat ʼn meerderheid van die studente wat hulle huistale as beide Afrikaans en Engels aangegee het volgens ander besonderhede in die voltooide vraelyste oënskynlik minderbevoorregte persone is, hoewel minderbevoorregte persone natuurlik ook onder ander taalgroepe verskyn. Hierdie kenmerk moet in gedagte gehou word by die vertolking van die resultate. Xhosasprekers en sprekers van ander Afrikatale is wel in tabelle ter wille van volledigheid weergegee maar hul sub-steekproewe is egter te klein om betekenisvolle resultate op te lewer. Daarom sal daar baie min kommentaar oor dié klein taal-minderhede wees.

Die belangrikste voorbehoud in die studie is dat die steekproef van minimumgrootte is. Daarom moet die vertolking van resultate uiters versigtig wees. Teen die einde van die verslag sal geen beduidende gevolgtrekkings op enkele bevindings gegrond word sonder stawende insigte in die wisselwerking van studente-reaksies nie.

3. Onderliggende Persepsies en Gesindhede

Die spesifieke menings en houdings wat in die verslag wat volg vertolk word, kan slegs behoorlik verstaan word teen die agtergrond van sekere onderliggende faktore by die studente wat aan die ondersoek deelgeneem het. Basiese waardes, feitelike persepsies of wanpersepsies, kompeterende doelstellings en aspirasies asook vrese, wat iets soos taal en taalbehoud kan verplaas, is die soort onderliggende faktore wat die meer spesifieke reaksies op taalbeleid en taalpraktyk kan beïnvloed[2]. Omdat die gees en gesindhede onder die studente tot hulle reaksies op spesifieke vraagstukke bydra moet sodanige insigte verken word voordat die kernvrae oor taalbeleid aangepak word.

3.1 Aspekte van die aanpassing van studente op die universiteit

In hierdie verband sal een algemene vraag moet voldoen: **Wat was die grootste probleme wat u in die vorige jaar ervaar** het? Die vraag was ’n oop vraag met spontane antwoorde wat na inhoudsontleding in kategorieë ingedeel is, wat in tabel 2 op die volgende bladsy volg.

In die tabel kan gesien word dat onderrigtaal-verwante probleme die tweede grootste bron van bekommernisse vir studente was. Afrikaansprekende studente het duidelik minder probleme met lesings en studiemateriaal in Engels gehad as hul nie-Afrikaansprekende eweknieë met Afrikaans gehad het. Die ordegrootte van probleme wat met die gebruik van twee tale ontstaan het is egter ook beduidend. Oor ’n derde van die studente het probleme met tale van onderrig spontaan genoem.

Die ander probleme wat genoem is lê buite die belangeveld van hierdie studie alhoewel die Universiteit dalk van hulle sal wil kennis neem.

[2] Die vrae oor agtergrondsfaktore en gesindhede word nie by wyse van kruistabellering met beleidsgerigte vrae ontleed nie omdat van hulle oop vrae was wat dikwels twee of drie antwoorde per studente uitgelok het. Met klein sub-steekproewe kon patrone in die kruistabelle nie altyd duidelik uitkristalliseer nie Daarom word hulle los van die kernvrae ontleed.

Tabel 2. Grootste probleme in die vorige jaar ervaar (oop, spontane antwoorde)	
	Getalle antwoorde
Taalverwante probleme	**Totaal 71**
Lesings en studiemateriaal in Afrikaans	30
Die gebruik van twee tale en gepaardgaande probleme	25
Lesings en studiemateriaal in Engels	10
Engels te min gebruik	5
Afrikaans te min gebruik	1
Kultuur en rasverwante probleme	**Totaal 28**
Aanpassing by ʼn nuwe kultuuropset/kultuurkontak	18
Ervaar diskriminasie	10
Studieverwante probleme	**Totaal 104**
Werkslading te groot/gaping tussen skool en universiteit groot	35
Dosente swak, nie voorbereid of gebruik swak tegnieke	22
Administrasie van roosters, kursusveranderings, eksamens, krediete, Lokale, ens.	22
Inhoud van vakke irrelevant of swak	15
Swak voorligting	7
Akademiese vryheid beperk	3
Probleme met geriewe	**Totaal 65**
Parkering en vervoer	27
Veiligheid teen diefstal, misdaad, alkoholmisbruik	13
Huisvestingprobleme	11
Te veel druk op geriewe	8
Geraas, steurnisse in koshuise	6
Persoonlike probleme	**Totaal 48**
Sosiale lewe en buitemuurse aktiwiteite	13
Gebrek aan selfdissipline, konsentrasievermoë, tydbestuur	11
Gesondheidsprobleme	4
Algemene aanpassing en ander probleme	20

3.2 Die self-beoordeelde taalvaardigheid van studente in Afrikaans en Engels

Taalvaardigheid behoort natuurlik objektief gemeet te word, maar binne die hulpbronne en tyd wat vir hierdie ondersoek beskikbaar was ʼn bykomstige toetsing van taalvaardighede onmoontlik (Die onderhoudvoerders is wel versoek om hulle oordeel te gee maar uiteindelik moes die prosedure in die druk van die veldwerksituasie laat vaar word). Die self-beoordeelde taalvaardighede van die respondente gee tog ʼn mate van insig. Die selfbeoordelings word in tabel 3 weergegee.

Tabel 3. Self-beoordeelde taalvaardigheid in die alternatiewe taal onder studente						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Beide Afrikaans en Engels* %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Baie goed	45	9	55	N.v.t.	N.v.t	N.v.t.
Redelik goed	45	51	29			
Taamlik swak	8	27	10			
Baie swak	-	11	6			
Ander	2	2	-			
TOTAAL	100	100	100			
N	135	53	31			
* Die alternatiewe taal in hierdie groep was die taal waarin hulle nie die onderhoud gegee het nie, in feitlik alle gevalle die swakker van hul twee tale						

Hierdie breë patroon het ʼn groot mate van sigsgeldigheid. Met uitsluiting van bruinmense in die Kaap is die oorweldigende indruk van kommunikasie in die openbare sfeer dat Engelssprekendes veel minder tweetalig is as Afrikaanssprekendes. Soos reeds genoem is dit deel van ʼn wêreldwye patroon aangesien die sprekers van groter of dominante tale veel minder aansporing het om kleiner tale aan te leer as andersom. Die studente uit tweetalige huishoudings gee ook die voorspelbare self-evaluering dat hulle beduidend meer tweetalig as die Afrikaanssprekende of die Engelssprekende studente is.

Ook interessant is wat die studente in die algemeen in ʼn oop vraag rapporteer oor wat hulle gedoen het om hul taalvaardighede in die alternatiewe taal te verbeter. Ideaal gesproke moes die antwoorde teen die in die tabel hierbo gekruistabelleer moes word maar aangesien die taalgroepe en hul vaardigheidsvlakke – 12 kategorieë -- teen oop antwoorde van wisselvallige kwaliteit getabelleer sou moes word, was die steekproefgrootte veel te klein vir die oefening.

Die oop antwoorde het wel die volgende algemene patroon opgelewer:

Pogings wat aangewend is om taalvaardighede in die alternatiewe taal te verbeter: kategorisering van oop antwoorde (getalle):

- **Engels as vak of Kursusse in Engels as taal onder Afrikaanssprekendes en studente uit tweetalige huishoudings: 39**
- **Afrikaans as vak of Afrikaanse kursusse onder Engelssprekende studente: 20**

- **Kommunikasie/interaksie met Engelssprekendes in Engels: 34**
- **Kommunikasie/interaksie met Afrikaanssprekendes in Afrikaans: 44**
- **Geen behoefte - ten volle tweetalig: 64**
- **Gebruik die alternatiewe taal daagliks in studies of alledaagse aktiwiteite, of het in die alternatiewe taalgemeenskappe gewoon: 27**
- **Geen antwoord: 7**

Uit die reeks antwoorde hierbo wil dit voorkom asof slegs 25% van die studente sistematiese blootstelling deur middel van kursusse aan die ander taal het. Of dit voldoen aan die vereistes van die situasie is moeilik om te beoordeel, maar gesien dat nagenoeg 40% van die Engelssprekende studente hulle vaardighede in Afrikaans as swak of baie swak beoordeel wil dit voorkom asof die pogings hierbo gelys onvoldoende is in die situasie van ʼn universiteit wat nog steeds bekend staan as ʼn hoofsaaklik Afrikaanstalige instelling.

3.3 Die beduidendheid van die taalaangeleentheid en taaldebat op Stellenbosch vir die studente self

Aangesien die ondersoek op taalbeleid fokus, is een van die belangrikste onderliggende faktore die mate waarin die studente enigsins oor die onderwerp begaan is. Houdings en menings sal daar wees maar hoe beduidend is die taalkwessie vir die studente self? Die feit dat dit ʼn saak van erns en omstredenheid is onder die wye reeks belanghebbers wat standpunte daaroor inneem moet nie sondermeer oorgeplaas word na die vermeende gevoelens van studente nie. Daarom is die volgende vraag gestel: *Hoe belangrik is die gesprek oor die taalbeleid op Stellenbosch vir jou persoonlik?* Die response volgens huistaal word in tabel 4 weergegee.

Tabel 4. Belangrikheid al dan nie van die gesprek oor taal op Stellenbosch volgens huistaal						
Antwoordkeuses	**Afrikaans**	**Engels**	**Beide**	**Xhosa**	**Ander/ Onduidelik**	**Totaal**
	%	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**
Baie belangrik	21	47	26	50	70	30
Redelik belangrik	34	23	26	17	10	29
Taamlik onbelangrik	36	19	35	-	10	30
Totaal onbelangrik	7	6	10	17	10	8
Geen antwoord/Ander	2	5	3	16	-	1
	100	100	100	100	100	100
N	135	53	31	6	10	235

Wat in tabel 4 duidelik gesien word is dat die Afrikaanssprekendes en naas hulle die Afrikaans-Engels-sprekende studente die minste belangstel in die taaldebat. Dit behoort nie ŉ verrassing te wees nie – binne die opset van die US in sy huidige demografies-taalkundige vorm is hulle in die gemaklike posisie van ŉ meerderheid wat getalle en wat die status van hul taal betref. Meerderhede is nie geneig om intens begaan te raak oor hulle meerderheidsbelange nie. Soos ook verwag is studente nie geneig om hul universiteit binne die wyer verband van taal en kultuurpatrone te plaas nie – dit is ŉ intellektuele of politieke siening wat jong studente nie begeester nie. Dit is egter baie belangrik om in die vertolking van die resultate kennis daarvan te neem dat die nie-Afrikaanssprekendes taal minderhede beduidend meer intens oor die taalbeleidvraagstuk voel as Afrikaanssprekendes. Soos uit die resultate sal blyk is hulle aansprake op groter taalregte ook meer aktief uitgespreek.

3.4 Sieninge oor die toekoms van Afrikaans as universiteitstaal op US

Huidige reaksies op taalbeleid kan ook ingrypend beïnvloed word deur verwagtinge oor die toekoms van Afrikaans op die universiteit. Die volgende vraag is aan studente gestel: “Gaan Afrikaans op Stellenbosch as taal van onderrig oor die komende jare oorleef of nie? Watter een of meer van die volgende uitkomste voorspel jy? Die is gevolg deur ŉ reeks antwoordkeuses. Daar is nie gevra dat die respondente slegs een antwoord gee nie en baie het twee antwoorde gegee. Uit die patroon van antwoorde kon die volgende verwagting egter bespeur word: sien tabel 5a.

Tabel 5a. Die toekoms van Afrikaans op Stellenbosch wat studente voorspel volgens huistaal						
Toekomskeuses gestel oor Afrikaans as onderrigtaal	**Afrikaans**	**Engels**	**Beide**	**Xhosa**	**Ander/ Onduidelik**	**Totaal**
	%	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**
Sal onafwendbaar deur Engels vervang word	8	8	13	17	-	9
Sal as tweede taal naas Engels oorleef	35	38	26	33	20	34
Afrikaans en Engels sal gelyk saam oorleef	39	43	45	50	60	42
Ander antwoorde wat meesal op die handhawing van Afrikaans in sy huidige posisie dui (sien tweede antwoorde hieronder)	18	11	16	-	20	15
	100	100	100	100	100	100
N	135	53	31	6	10	235

Hierdie resultate bied belangrike insigte. Die eerste is dat min studente van enige huistaal dit verwag dat Afrikaans deur Engels op die Universiteit vervang sal word. Die 8% verwagting onder Afrikaanssprekendes dat Afrikaans op US uitgefaseer sal word is egter stof tot nadenke – dit sou ʼn amper waansinnige persepsie vyftien jaar terug gewees het.

Hoewel die verskille in antwoorde tussen die taalgroepe nie statisties beduidend is nie wil dit egter tog voorkom dat Afrikaansprekendes beslis nie meer optimisties oor die toekoms van Afrikaans as die Engelssprekendes is nie. Met 35% wat verwag dat Afrikaans ʼn sekondêre status sal geniet en die 8% wat die taal se verdwyning voorspel, verwag ruim oor die 40% onder Afrikaansprekendes dat Afrikaans gaan verswak.

Dit kan egter met redelike vertroue aanvaar word dat ʼn meerderheid van die Afrikaanssprekende studente ten minste ʼn toekoms vir Afrikaans op gelyke voet naas Engels verwag. Die Afrikaansprekende studente het dus nie ʼn persepsie van Afrikaans as ʼn bedreigde taal die. Hierdie resultaat is dus ʼn verdere belangrike aanduiding dat

Afrikaanssprekendes in ’n mindere of meerdere mate rustig voel oor die oorlewing van Afrikaans op Stellenbosch.

Die ander bykomstige antwoordkeuses versterk hierdie gevolgtrekking: tabel 5b.

Tabel 5b. Bykomstige persepsies in antwoorde op die vorige vraag						
Tweede Antwoordkeuses	**Afrikaans**	**Engels**	**Beide**	**Xhosa**	**Ander**	**Totaal**
	%	%	%	%	%	%
Sal oorleef omdat die taal deur studente en gemeenskappe beskerm sal word	58	55	55	50	30	55
Die Universiteit van Stellenbosch sal nooit toelaat dat Afrikaans uitsterf nie	24	32	35	33	40	30
N	135	53	31	6	10	235

Afrikaanssprekende studente het duidelik groot vertroue in hul eie gemeenskappe om hul taal te beskerm. Nie alle ingeligte persone buite die universiteit sou soveel vertroue en hoop in die Afrikaanse gemeenskappe koester nie. Dalk is dit die optimisme van jeug wat hier te sien is**.** Maar daar is baie groter mate van realisme in die volgende antwoord te bespeur.

Slegs ’n kwart van die Afrikaanssprekende studente – minder as by Engelssprekende studente -- verwag dat die Universiteit self hul taal sal beskerm. Na die omstredenheid oor taalbeleid op die kampus kon dit miskien verwag word dat die Afrikaanssprekende studente in hulle response beduidend minder vertroue in die Universiteit self as in hulle eie gemeenskappe sou openbaar. Dit is egter ook duidelik dat daar by baie nie-Afrikaanstalige studente die persepsie van ’n verborge Afrikaanse agenda op die Universiteit bestaan.

In die breë is die bevindinge hierbo ’n aanduiding dat die verdere antwoorde van Afrikaansprekende studente oor taalbeleid nie vertolk moet word asof daar beduidende angs of onsekerheid oor taal-oorlewing bestaan nie. Die beduidendste pessimistiese siening onder hulle is dat Afrikaans die tweede taal op die Universiteit sal word. Die ander taalgroepe wyk ook nie baie beduidend van hierdie verwagting af nie. Die meeste Engelssprekende studente wat ’n protesgesindheid oor die status van

Engels het, verwag klaarblyklik nie dat Afrikaans verdryf sal word nie, hoewel daar ’n beduidende verwagting onder hulle is dat Engels wel die eerste taal sal word – 38%.

3.5 Persepsies van Engels in die akademiese wêreld

Omdat persepsies van Engels so na aan die kern-tema van die ondersoek is moes ’n reeks breë vrae gestel word oor Engels in die akademiese wêreld. Die antwoorde van die studente op hierdie vrae word in tabel 6 hieronder vergelyk.

Tabel 6. Antwoorde op ’n reeks aparte vrae oor die rol en belangrikheid van Engels as akademiese taal, volgens huistaal

Vrae wat gestel is	**Afrikaans**	**Engels**	**Beide**	**Xhosa**	**Ander**	**Totaal**
	%	%	%	%	%	%
N	135	53	31	6	10	235
Stem saam daarmee dat ,’n gegradueerde wat in Engels onderrig gehad het groot loopbaanvoordele geniet (36a)	61	70	45	67	83	61
Stem saam dat Engels ’n sterker-wordende wêreldtaal is wat universiteite in hul taalbeleid moet aanvaar (36j)	75	91	81	100	83	80
Teenoor						
Stem saam dat mits ’n student redelik vaardig in Engels is sal sy loopbaanvooruitsigte nie deur Afrikaanse onderrig benadeel word nie (36e)	82	85	94	100	100	85
Stem saam dat uitmuntendheid in die wetenskap deur middel van tale anders as Engels bereik kan word (36c)	73	74	84	67	50	73

’n Vergelyking van die antwoorde openbaar die dubbelsinnigheid wat altyd in mense se alledaagse houdings te bespeur is. Afrikaanssprekendes en studente uit tweetalige huise is baie duidelik onder die indruk van die belangrikheid van Engels in loopbaanvooruitsigte en in internasionale akademiese tendense, en so ook die andertalige studente. Maar hulle kan ook nie die teenoorgestelde stellings verwerp nie. Sodra hulle gevra word om oor die implikasies van Afrikaanse of nie-Engelse onderrig te besin gee die oorgrote meerderheid van studente, Afrikaans en andertalig, toe dat die **belangrikheid van Engels** as akademiese taal beslis nie die deur vir ander

tale toeklap nie. Hierdie ewewig in die persepsie van die rol groter en kleiner tale is dus wel by die studente op US teenwoordig, al ontbreek dit dikwels by ouers wat skole of tale van onderrig vir hul kinders moet kies. Die ongetwyfeld sterk posisie van Engels het dus baie gekwalifiseerde implikasies onder die studente. Maar die meeste Afrikaanstaliges gaan nie die belangrikheid van Engels betwis nie.

3.6 Siening van studente oor hul persoonlike toekoms

Persepsies van hul persoonlike toekoms onder studente is nou verbonde aan die vorige vraag. In tabel 7 word die persepsies vertoon.

Tabel 7. Persepsies van toekomsgeleenthede in SA na afloop van studies

Antwoordkeuses	**Afrikaans**	**Engels**	**Beide**	**Xhosa**	**Ander**	**Totaal**
	%	%	%	%	%	%
Baie optimisties	49	36	29	50	33	42
Versigtig optimisties	46	57	55	50	33	50
Taamlik pessimisties	3	8	6	-	17	5
Baie pessimisties	2	-	7	-	17	2
Ander/onseker	-	-	3	-	-	1
	100	100	100	100	100	100
N	135	53	31	6	10	235

Wat uit tabel 7 blyk is dat Afrikaanssprekende studente geensins minder optimisties oor hul toekoms is as Engelssprekende studente en diegene met albei tale as huistaal – trouens hulle is effens meer optimisties.

Die redes vir hul gevoelens is in ’n oop vraag gepols. Die grootste enkele rede vir die optimisme by studente deur die bank is hulle verwagtinge oor werksgeleenthede (64%). Om en by 7%, hoofsaaklik Afrikaanssprekende studente, het na die voordele van blootstelling aan Engels en kontak met anderstaliges verwys. Ander redes wat deur enkele individue genoem word is hul bepaalde graadkursus of die standaarde en reputasie van US.

Aan die negatiewe kant, maar hoofsaaklik as voorbehoude van hul optimisme, het om en by 12%, ook hoofsaaklik Afrikaansprekendes, na regstellende aksie en ander rassefaktore verwys. Engelssprekende studente is miskien ietwat meer bekommerd oor regstellende aksie as Afrikaansprekende studente**.** Sewe persent het vrese oor die

land se politieke stabiliteit genoem. Studente het min melding gemaak van die voordele van studie in hul eie taal (2%), maar hierdie faktor word miskien as vanselfsprekend beskou.

Die kenmerke van die taalbeleid op US is dus nie prominente faktore in die studente se persepsies oor die toekoms nie maar is tog beduidend.

Die menings en gesindhede wat in die voorgaande hoofstuk bespreek is verklaar heelwat in die meer spesifieke menings oor beleid wat vervolgens behandel word.

4. Die taalbeleid op US soos studente dit evalueer

In die volgende hoofstuk word reaksies op die US taalbeleid in die algemeen en op spesifieke aspekte van taal-aangeleenthede op US verken.

4.1 Algemene reaksies op die taalbeleid:

Voordat die taalbeleid by monde van die studente evalueer word, moet daar vasgestel word wat die studente onder die taalbeleid verstaan. Daarom is ŉ oop vraag sonder antwoordkeuses vroeg in die onderhoud gestel oor die persoonlike ervaring van die taalbeleid soos volg: " ... hoe sou jy die taalbeleid op Stellenbosch soos dit in die praktyk in jou fakulteit toegepas word opsom? Jy hoef nie die beleid presies te ken nie – jou eie indrukke." Die spontane antwoorde was dikwels uiteenlopend en is na ŉ inhoudsontleding in breë kategorieë ingedeel. Die patroon word in die skematiese voorstellings in tabel 8 weergegee.

In tabel 8 is dit duidelik dat die grootse enkele reaksiegroep Afrikaanssprekendes die leidende posisie van Afrikaans as lesingstaal rustig aanvaar of waardeer met die vermoede of veronderstelling dat daar wel genoegsame toegewings aan nie Afrikaanssprekendes deur middel van hulpmiddels in Engels gemaak word. Daar is ook blykbaar beduidende steun vir hierdie siening onder baie Engelssprekendes.

Die tweede grootste reaksiegroep is diegene, Afrikaans en Engelssprekend, wat die beleid as ŉ opregte poging tot taalgelykstelling aanvaar. Binne die reaksiegroep is daar weinig of geen vrees dat die een of die ander taal verplaas gaan word.

Die derde grootste reaksie gee vir ons die eerste tekens van weerstand of protes – hoofsaaklik onder Engelssprekendes en anderstaliges, maar dit word deur ŉ beduidende minderheid Afrikaans-sprekendes gesteun wat die dominante posisie van Afrikaans as lesingstaal nie aanvaar nie. Met 12% van antwoorde kan dit op 15% of meer van die voorgraadse studente neerkom, en na die toon van die spontane

Tabel 8. Algemene persepsies van en reaksies op taalbeleid soos deur die studente ervaar			
Persepsies of ervaring van taalbeleid	**Tipiese kwalifikasies bygevoeg**	**Positiewe of kritiese gesindhede**	**Antwoord persentasies***
Afrikaans die dominante lesingstaal	Met skyfies en/of gedrukte notas en handboeke in Engels/ Vrae in Engels word meesal in Engels beantwoord	Goedkeuring of breë aanvaarding – taalgebruik word as regverdig gesien deur meeste Afrikaans-sprekendes en ’n beduidende aantal Engelssprekendes	+- 32%
Opregte pogings om Afrikaans en Engels gelyk te behandel	Met skyfies, notas en handleidings in Engels word Engels geensins afgeskeep nie, al word meer Afrikaans in lesings gebruik	Algemene goedkeuring onder Afrikaans en Engelssprekendes. Sommige waardeer herhaling in ander taal. Die taalvaardigheid van die dosente is egter soms twyfelagtig	+- 27%
Afrikaans die dominante lesingstaal	Engelse hulpmiddels word erken maar soms nie genoem nie	Krities, soms sterk, hoofsaaklik onder Engelssprekendes, Afrikataal sprekers en ’n beduidende minderheid Afrikaanssprekendes	+- 12%
Engels die dominante of leidende lesingstaal	Met toegewings aan Afrikaanssprekendes in die min gevalle waar hulle vrae in Afrikaans stel. Word soms as “skyn tweetaligheid” beskryf	Algemene goedkeuring en soms waardering by ’n minderheid Engelssprekendes en ook onder ’n klein minderheid Afrikaanssprekendes	+- 6%
Engels toenemend die leidende onderrigtaal	Met toegewings aan Afrikaanssprekendes soos hierbo	Afrikaanssprekendes ervaar benadeling of ’n marginalisering van hul taal	+- 3%
Geen beskrywing van taalgebruik		Positiewe gesindhede oor taalgebruik sonder motivering	+- 2%
Bykomende reaksies op taalbeleid in verdere antwoorde			
Gebruik van twee tale in lesings frustrerend of verwarrend	Verloor konsentrasie, ritme, veroorsaak spanning onder taalgroepe in klas, ondoeltreffend as onderrigmedium, ens.	Negatief ervaar deur altwee taalgroepe	+- 6%
Moeilik om beleid te bespeur	Variasies tussen dosente en vakke	Krities, ’n indruk van ’n gebrek aan monitering, kontrole	+- 8%
Persepsie van ’n breë klem-verskuiwing na Engels		Goedkeuring deur sekere Afrikaanssprekendes wat Engels as die leidende beroepstaal aanvaar	+- 2%
Gebrek aan Afrikaanse handleidings betreur	Versterk die indruk of simboliek van minderwaardigheid van Afrikaans	Sterk afkeur by sommige Afrikaanssprekendes	+- 3%
Totaal antwoorde			101% (Afronding)
* Soms is twee of selfs drie reaksies aangebied – die steekproef van 235 het 293 antwoorde opgelewer.			

antwoorde geoordeel is dit geen stille minderheid nie – daar is selfs tekens van aktivisme.

Aan die aantal antwoorde geoordeel, is die sterk kritiek op Afrikaanse "dominasie" vanuit Engelssprekende geledere omtrent dubbel so groot as die vergelykbare sentimente oor die wending na Engels of gevoelens van eie taalbedreiging onder Afrikaanssprekendes. Dit wil ook uit die antwoorde voorkom of Afrikaansprekendes wat aktief bekommerd is oor taalgebruik min of meer eweredig verdeel is tussen diegene wat meer Afrikaans en diegene wat meer Engels wil sien.

Die belangrikste indruk, egter, is dat die reaksies van studente beduidend op ʼn persepsie van Afrikaanse verskansing gegrond is. Vir die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes, en anderstaliges, is die posisie van Afrikaans op Stellenbosch rotsvas of veilig. Hulle verdere antwoorde op beleidvrae sal uitaard deur hierdie persepsie of wanpersepsie gekondisioneer word.

Die voorgaande bespreking bring die ondersoek uit by die spesifieke onderwerp van die mate van tevredenheid al dan nie met die huidige taalbeleid. ʼn Direkte vraag is gestel: "Hoe tevrede of nie is jy met die taalbeleid soos dit tans in jou fakulteit toegepas word?" Die vraag is opgevolg deur ʼn verdere vraag aan die ontevrede studente, waarin hulle gevra is of die beleid tog vir hulle aanvaarbaar is of nie, die resultate waarvan tot die antwoorde op die eerste vraag bygevoeg is. Die antwoorde op albei vrae word dus in tabelle 9a en b. weergegee.

Tabel 9a. Tevredenheid of ontevredenheid met en algehele aanvaarbaarheid van die huidige taalbeleid in student se fakulteit volgens huistaal

Antwoordkeuses	**Afrikaans**	**Engels**	**Beide**	**Xhosa**	**Ander**	**Totaal**
	%	%	%	%	%	%
Baie tevrede	36	15	29	33	17	30
Redelik tevrede	54	40	55	-	33	49
Taamlik ontevrede	7	23	10	50	33	13
Baie ontevrede	1	17	3	17	17	6
Ander/onseker	2	5	3	-	-	2
	100	100	100	100	100	100
Addisionele kwalifikasie as % van totaal:						
Die beleid is boonop "onaanvaarbaar"	2%	15%	10%	67%	17%	9%

Uit die reaksies in tabel 9a kom dit voor asof die meeste studente breedweg tevrede is met die huidige taalbeleid binne hul fakulteite of dat hulle dit aanvaarbaar vind. Die vlakke van ontevredenheid en algehele onaanvaarbaarheid onder die taalgroepe met betekenisvolle steekproewe is dus soos volg:

Taalbeleid	**Ontevredenheid**	**Onaanvaarbaarheid**
• **Afrikaansprekend:**	**8%**	**2%**
• **Engelssprekend:**	**40%**	**15%**
• **Beide:**	**13%**	**10%**
• **Almal:**	**19%**	**9%**

Die 40% van Engelssprekende studente wat ontevrede is kom hoog voor maar nie alle ontevredenheid is ernstig of intens. Daarom is die vlakke van "onaanvaarbaarheid" belangriker as ’n riglyn vir beleid. Die 15% van Engelssprekendes wat die beleid onaanvaarbaar vind is beduidend maar nie krities hoog nie. ’n Energieke 15% kan egter die kern word van baie sigbare en hoorbare protes.

Die resultate vir die klein groepies Xhosasprekers en sprekers van ander tale gee die indruk dat gevoelens dat die beleid onaanvaarbaar is baie xx hoer as die gemiddeld kan wees onder hierdie kampusminderhede, maar met baie klein steekproewe kan dit nie met sekerheid so aanvaar word nie.

Die antwoordpatroon by die verskillende fakulteitsgroeperinge is soos volg in tabel 9b. (sien tabel 1 vir die volle groepering van fakulteite)

Tabel 9b. Tevredenheid of ontevredenheid met <u>of</u> aanvaarbaarheid van die huidige taalbeleid in student se fakulteit volgens fakulteit						
Antwoord-keuses	**Lettere, Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Teologie**	**Ekonomie en Bestuurs-wetenskappe**	**Natuur en Agri-wetenskappe**	**Ingenieurswese**	**Regte**	**Gesondheid-wetenskappe**
	%	%	%	%	%	%
Baie tevrede	33	29	18	44	21	33
Redelik tevrede	54	42	58	44	64	45
Taamlik ontevrede	10	15	18	11	7	15
Baie ontevrede	2	10	6	-	7	3
Ander	2	2	-	-	-	3
	100	100	100	100	100	100
Addisionele kwalifikasie as % van totaal:						
Die beleid is boonop "onaanvaar-baar"	4%	8%	15%	-	14%	9%
N	52	83	33	18	14	33

Die vlakke van breë ontevredenheid en algehele onaanvaarbaarheid is dus soos volg:

<u>Taalbeleid</u>	**<u>Ontevredenheid</u>**	**<u>Onaanvaarbaarheid</u>**
• **Lettere en Sos. Wetenskappe, Opvoedkunde, Teologie:**	**12%**	**4%**
• **Ekonomiese wetenskappe:**	**25%**	**8%**
• **Natuurwetenskappe:**	**24%**	**15%**
• **Ingenieurswese:**	**11%**	**-**
• **Regte:**	**14%**	**14%**
• **Gesondheidswetenskappe:**	**18%**	**9%**

Die verskille is nie groot nie en daar is so baie faktore wat die vlakke van tevredenheid bepaal dat dit gewaagd sou wees om harde gevolgtrekkings op grond van hierdie bevindinge te maak. Die antwoorde op die oop vrae wat in die vorige hoofstuk ontleed is gee egter die indruk dat die studente se houdings nie slegs op die formele beleid binne fakulteite gebaseer is nie maar dat hulle ook met verskeie ander faktore en persepsies verband hou. By die klein groepie Xhosa-sprekende respondente was daar politieke oorwegings. Ook is baie studente se persepsies van die taalbeleid as sodanig redelik vaag of deurmekaar.

Die hoë vlakke van "onaanvaarbaarheid" in sekere fakulteite soos bv. Natuur-en Agriwetenskappe en Regte is as gevolg van beduidende getalle Engelssprekende studente wat die mening het dat Engels afgeskeep word.

4.2 Toegewings aan Engels:

Die kern van die aangeleentheid is egter die vraag of daar verdere toegewings aan Engels gemaak behoort te word. Die volgende vraag spreek hierdie aangeleentheid op ŉ baie algemene vlak aan; die vraag was: "Alle universiteite wat voorheen Afrikaans was is besig om snel te verander wat hul voertale betref. Hoe nodig is hierdie wending na jou mening?" Ons sien die resultate in tabelle 10a en 10b.

Tabel 10a. Reaksies op verengelsing van Afrikaanse universiteite in die breë volgens huistaal

Reaksies	**Afrikaans**	**Engels**	**Beide**	**Xhosa**	**Ander**	**Totaal**
	%	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**
Baie nodig	7	40	10	33	33	16
Taamlik nodig	40	43	52	33	33	43
Onnodig	33	8	29	17	17	26
Ongewens	16	4	3	17	17	11
Ander	4	6	6	-	-	5
N	135	53	31	6	10	235

Die Afrikaanssprekende studente is rofweg eweredig oor die saak verdeel terwyl die ander kategorieë geneig is om die wending te steun, soos verwag kan word.

Die resultate volgens fakulteit verskyn in tabel 10b. Vanweë die klein sub-steekproewe moet die syfers met die grootste omsigtigheid vertolk word.

Die aanduidings in die tabel is dat teenkanting van die wending na die gebruik van Engels sterkste in Regte en Ingenieurswese is en ondersteuning daarvan mag in Lettere/Sosiale Wetenskappe en Ekonomiese wetenskappe gekonsentreer wees.

Die steekproef was ongelukkig te klein om die Fakulteite volgens huistaal te verdeel maar dit kan aanvaar word dat die meeste ontevredenes in tabel 10b Afrikaanssprekend is, maar seer sekerlik nie almal nie.

Tabel 10b. Reaksies op verengelsing van Afrikaanse universiteite in die breë volgens fakulteit						
Reaksies	**Lettere en Sos. Wetenskappe, Opvoedkunde, Teologie**	**Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe**	**Natuur- en Agri-wetenskappe**	**Ingenieurs-wese**	**Regte**	**Gesondheids-wetenskappe**
	%	**%**	**%**	**%**	**%**	**%**
Baie nodig	10	27	20	17	7	3
Taamlik nodig	52	41	27	28	36	58
Onnodig	25	22	30	22	29	33
Ongewens	8	8	15	28	29	3
Ander	6	2	9	6	-	3
Totaal	100	100	100	100	100	100
N	52	83	33	18	14	33

(Hierna sal die steekproefgroottes nie herhaal word nie)

4.3 Reaksies op die T Opsie:

Die T-Opsie is ’n poging van die universiteitsowerhede om die behoeftes van nie-Afrikaanssprekendes aan te spreek deur middel van die gebruik van beide Afrikaans en Engels in dieselfde lesings, maar, soos reeds gestel, dat Afrikaans oor die algemeen oorwegend en Engels tot op ’n maksimum van 50% gebruik sal word. Die veronderstelling is dat dosente min of meer volkome tweetalig is en dat die studente wat swakker in die een of die ander taal mag wees die geleentheid sal kry om dieselfde inhoud in die taal waarin hulle die sterkste is te hoor. Tweetalige studente het dan boonop die voordeel dat hulle twee keer na die inhoud kan luister. Nie alle studente is aan die T-Opsie blootgestel omdat sekere fakulteite of eentalig in hulle benadering is of parallelmedium lesings aanbied.

Die volgende reeks tabelle is gebaseer op vrae wat slegs aan die 180 voorgraadse studente gestel is wat aan die T-Opsie blootgestel is. Die steekproefgetalle van studente met eerstehandse kennis van die T-Opsie is soos volg:

Blootstelling aan die T-Opsie: steekproefgetalle:			
Afrikaansprekend	100	Lettere/Sos. W./ Opvoedkunde/Teologie	46
Engelssprekend	42	Ekonomie en Bestuurs W.	60
Beide Afrikaans en Engels	24	Natuur en Agriwetenskappe	22
Xhosasprekend	6	Ingenieurswese	8
Ander	8	Regte	13
		Gesondheidwetenskappe	31
Totaal	180	Totaal	180

Die eerste vraag wat oor die T-Opsie gestel is het oor die relatiewe gebruik van Afrikaans en Engels gegaan -- sien tabel 11.

Tabel 11. Word die tale gelykmatig in die T Opsie gebruik of word meer Afrikaans of meer Engels gebruik?

	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Beide %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Gelyk-50/50	25	14	28	-	-	21
Meer Afrikaans	43	66	45	50	67	50
Meer Engels	7	2	7	-		5
Soms een, soms die ander	23	16	17	50	33	22
Ander	2	2	3	-	-	2
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Ter agtergrond moet lesers weer daaraan herinner word dat die Universiteit se beleidsomskrywing ten opsigte van die T-Opsie is dat die voorlesings oorwegend in Afrikaans moet wees en dat die gebruik van Engels "hoogstens" 50% moet wees. Die feit dat die resultate in tabel 11 aantoon dat daar meer Afrikaans as Engels in die T-Opsie klasse gebruik word is derhalwe heeltemal reëlmatig en te verwag.

Die Engelssprekendes is meer geneig as die Afrikaanssprekendes en diegene uit tweetalige huishoudings ander om te oordeel dat Afrikaans meer gebruik word. Dit kan moontlik 'n oordrywing van die tendens wees – omdat daar 'n gevoeligheid oor die gebruik van Afrikaans by sommige van die Engelssprekende studente bestaan, vergroot hulle dalk in hulle verbeelding die relatiewe gebruik van Afrikaans.

Buiten die beleidsvoorskrif as sodanig, die feit dat ’n getallemeerderheid in die klasse Afrikaanssprekend is maak dit des te meer verstaanbaar dat meer Afrikaans as Engels in die T-Opsie klasse gebruik sal word.

Die belangrike punt vir hierdie ontleding, egter, is om in gedagte te hou dat Afrikaanssprekendes se reaksies op die T-Opsie en op taalbeleid in die algemeen waarskynlik deur die relatiewe hoë gebruik van Afrikaans aansienlik versag word. Indien die Afrikaanssprekendes nie gevoel het dat hulle eie taal deur die gebruikspatroon en die voorskrifte in die T-Opsie beleid verskans word nie sou hulle tevredenheid met die T-Opsie beduidend afgeneem het. In tabel 8 wat vroeër bespreek is kan gesien word dat ongeveer 10% van die Afrikaanssprekende studente reeds gevoelig is oor wat hulle as ’n verskuiwing na Engels sien en hierdie reaksie sou groter gewees het indien die taalgebruik in die T-Opsie beduidend meer na Engels sou geleun het.

4.4 Die T-Opsie, akademiese prestasies en ander voor en nadele van die Opsie:

Dit sou ’n onbegonne taak gewees het om die uitwerking van die T-Opsie op voorgraadse akademiese prestasies te meet. Die naasbeste benadering is om studente self te vra. Tabel 12 handel oor die uitwerking van die T-Opsie op akademiese prestasies in die ervaring van studente self.

Tabel 12. Het die T-Opsie akademiese prestasies positief, geensins of negatief geaffekteer?

	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Beide %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Positief	40	56	21	17	50	41
Geensins geaffekteer	50	36	52	66	-	46
Negatief	9	6	27	17	50	12
Ander	1	2	-	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

In tabel 12 kan gesien word dat, behalwe onder die sprekers van ”ander” tale, slegs ’n minderheid voel dat hulle prestasies negatief deur die gebruik van twee tale in die klas

beïnvloed is. Dit is merkwaardig dat ruim oor die helfte van Engelssprekendes ŉ positiewe uitwerking gewaar ten spyte van die feit dat hulle relatief meer Afrikaans in die T-Opsie klasse as Afrikaansprekendes gewaar. Onder Afrikaans en Engelssprekende studente, dus, voel slegs klein minderhede dat hulle deur die Opsie benadeel word.

Dit is egter belangrik om kennis te neem dat gevoelens van akademiese benadeling beduidende afmetings onder die ander studente aanneem. Soos in die metodologie genoem, is die meeste van die studente uit tweetalige huishoudings hoofsaaklik minderbevoorregte persone en so ook die studente in die ander taalkategorieë. Met ander woorde, hierdie groepering in die steekproef is al te dikwels studente uit swakker skole. Die gebruik van twee tale met herhaling in die alternatiewe taal verskraal dalk die blootstelling aan inhoudelike aspekte van die lesings deurdat tyd met herhaling in beslag geneem word wat andersins aan sorgvuldige verduidelikings van inhoud of aan meer persoonlike aandag aan studente gewy sou kon word.

Die vraag moet dus gestel word of die T-Opsie swakker toegeruste studente meer benadeel as studente wat uit middelklas skole afkomstig is. ŉ Opname kan hierdie belangrike vraag nie beantwoord nie maar hier het dit wel aandag op ŉ probleem gevestig wat opvoedkundige aandag behoort te geniet.

ŉ Oop vraag is aan alle studente gestel oor veranderings in enige aspek van lesings of onderrig wat hulle sou gehelp het om beter te presteer, met die doel om te sien of enige aspekte van taalbeleid ter sprake sou wees. Die oop antwoorde is gekategoriseer en die volgende breë patroon van reaksies is gevind:

Oop vraag: veranderings in enige aspek van lesings of onderrig wat volgens die studente hulle sou gehelp het om beter te presteer in die vorige jaar (getalle):

1. **Beter lesings, beter voorbereiding deur dosente, beter uitgedeelde notas of Powerpoint aanbiedings in lesings: 21**
2. **Meer praktiese blootstelling en/of praktiese projekte: 11**
3. **Beter administrasie van kursusse: 7**
4. **Meer klastoetse of deurlopende evaluering: 6**
5. **Beter voorligting wat vakkeuses betref: 6**
6. **Vakmentors (tutoriale): 5**
7. **Kleiner klasse: 5**
8. **Meer toeganklike dosente: 4**

9. **Beter handboeke of handboeke meer betyds beskikbaar: 3**
10. **Ervaar persoonlike konsentrasieprobleme: 3**
11. **Ervaar probleme met taalbeleid: 3**
12. **Ander: 6**

Dus, uit die nagenoeg 80 oop antwoorde wat aanpassings genoem het wat prestasies sou kon verbeter, het slegs 3 direkte betrekking op taalbeleid gehad. Van die ander antwoord kategorieë dui miskien op ’n bedekte manier aan dat sekere studente meer persoonlike aandag nodig het (nrs. 6, 7, 8). Kategorie 1 mag ook bedekte aanduidings bevat dat daar meer grondige en geduldige verduideliking van inhoud behoort te wees. Hoewel die T-Opsie nie genoem is nie mag dit wel die geval wees dat baie studente uit tweetalige huishoudings ’n groter behoefte aan meer grondige lesings en persoonlike aandag het as aan ’n afwisseling van tale in die klaskamer.

In tabel 13 hieronder word die algemene reaksies op die T-Opsie gepols.

Tabel 13. Algemene ervaring van die T-Opsie

	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Beide %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Waardevol	17	22	24	-	67	20
Werk goed	46	44	41	50	17	44
Irriterend	27	18	24	50	-	24
Baie frustrerend	7	12	7		17	8
Ander	3	4	4		-	4
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

In reaksie op hierdie algemene vraag het studente nie noodwendig aan die akademiese gevolge van die Opsie gedink nie. Nogtans is dit verbasend dat ’n beduidende derde van die studente hulle irritasies en frustrasies met die afwisseling van tale te kenne gegee het. Hoewel die T-Opsie dus die goedkeuring van die meerderheid van studente wegdra, is die irritasie/frustrasievlakke waarskynlik te hoog om in ’n kern onderrigbeleid van die Universiteit aanvaarbaar te wees.

Hierdie antwoorde asook die antwoorde in tabel 12 en die oop vraag in tabel 8 vereis dat meer aandag aan die opvoedkundige implikasies van die afwisseling van tale gegee moet word.

Die vrae wat hierbo ontleed is, is in meeste gevalle geslote vrae met vaste antwoord kategorieë. Daar is ook twee oop vrae gestel wat spontane antwoorde gevra het, een oor die voordele en die ander oor die nadele van die T opsie. Die spontane antwoorde is gekategoriseer en die patroon volg in tabel 14.

Tabel 14. Kategorisering van die spontane antwoorde oor die voor en nadele van die T-Opsie (LW studente kon meer as een antwoord gee)	
Voordele	**216 genoem**
Billik, dek almal se behoeftes	61
Praktiese oplossing in ʼn meertalige situasie, akkommodeer Engelssprekende/Internasionale studente	27
Blootstelling aan die "ander" taal (hetsy Afrikaans of Engels)	31
Blootstelling spesifiek aan Engels is ʼn voordeel	19
Moedig tweetaligheid aan	23
Verbeter die student se Afrikaans	12
Verbeter die student se Engels	10
Vind die herhaling nuttig, gee meer tyd om te absorbeer, meer insig	31
Beweeg weg van Afrikaanse dominasie	1
Bespaar die universiteit geld	1
Geen voordele/ Geen genoem nie	15
Nadele	**181 genoem**
Tydmors, verloor lesingtyd	43
Herhaling is irriterend, onnodig	43
Herhaling is verwarrend, verloor kontinuïteit	7
Dosent se aanbieding, studiemateriaal in Engels is swak	13
Dosent se aanbieding en materiaal in Afrikaans is swak	4
Die Opsie gee ʼn verskoning om nie Afrikaans te leer nie	17
Die Afrikaans wat gebruik word is te moeilik, word nie gevolg nie (Engelssprekende studente)	8
Die Engels wat gebruik word is te moeilik (Afrikaanssprekende studente)	1
Dit vereis tweetaligheid	6
Te veel Afrikaans word gebruik	13
Te veel Engels word gebruik	6
Uitdeelnotas is slegs/te veel/ in Afrikaans	2
Uitdeelnotas slegs/te veel/ in Engels	5
Onvoldoende vertalings van studiemateriaal	5
Ander antwoorde (verskillend)	8
Geen nadele/ geen nadele genoem nie	32

Onder die nadele kan gesien word dat nagenoeg 50 studente gekla het dat die T-Opsie tydmors is en lesingtyd verloor, of dat die gebruik van twee tale verwarrend is. Indien hierdie antwoorde van swakker studente kom, versterk dit die gevolgtrekking wat reeds gemaak is dat die T-Opsie uit ʼn opvoedkundige hoek verdere aandag behoort te geniet.

Origens is daar amper net soveel nadele as voordele deur die studente genoem. Die bevinding het problematiese implikasies vir ŉ onderrigbeleid wat veronderstel is om die kommunikasieprobleme in die klaskamer grotendeels op te los. Baie van die probleme bevestig patrone in die T-Opsie klasse of in die kwaliteit van lesings wat reeds uit vorige vrae geblyk het. Die T-Opsie, soos toegepas, kan duidelik nie as die ideale beleid beskou word nie, indien daar enigiets soos ŉ ideale beleid sou bestaan. Meer hieroor volg in die slotgedeelte.

4.5 Die T-Opsie en taalvaardigheid onder dosente:

Taalvaardigheid in die twee onderrigtale is ŉ voorvereiste vir die suksesvolle toepassing van die T-Opsie. Wat is die ervarings van die studente in hierdie verband? Die antwoorde op ŉ direkte vraag verskyn in tabelle 15a en b.

Tabel 15a. Algemene ervaring van die taalvaardigheid van Afrikaanssprekende dosente wat Engels in die T-Opsie moes gebruik

	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Gemiddeld baie goed	28	18	24	-	17	24
Gemiddeld taamlik goed	55	64	62	100	50	60
Gemiddeld taamlik swak	14	14	14	-	33	14
Gemiddeld baie swak	-	2	-	-	-	-
Ander	3	2	-	-	-	2
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Tabel 15b. Algemene ervaring van die taalvaardigheid van nie-Afrikaanssprekende dosente wat Afrikaans in die T-Opsie moes gebruik						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Gemiddeld baie goed	9	10	17	-	67	10
Gemiddeld taamlik goed	30	40	35	50	17	34
Gemiddeld taamlik swak	37	30	24	50	-	33
Gemiddeld baie swak	9	4	10		17	9
Moeilik te oordeel/ Ander	15	12	14		-	14
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

In die bevinding hierbo is dit duidelik dat, soos die studente dit ervaar, die Engelse taalvermoëns van die Afrikaanssprekende dosente breedweg aan die vereistes van die T-Opsie voldoen. Maar dit geld egter nie vir die studente se ervaring van die taalvermoëns van Engelssprekende dosente in Afrikaans. Gemiddeld evalueer nagenoeg 40% van die studente hul vermoëns as swak tot baie swak. Dit is moeilik om te sien hoe die T-Opsie in sy doelwitte kan slaag indien so baie van die nie-Afrikaanssprekende dosente **nie hulle kant kan bring nie.** Dit is ŉ kernprobleem.

4.6 Reaksies op alternatiewe tot die T-Opsie:

Om die studente se houdings verder te verken is vrae gestel oor alternatiewe tot die Opsie. Wat sou die reaksie wees indien die T opsie met slegs Afrikaanse lesings vervang sou word? Dit word in tabel 16 gesien.

Tabel 16. Reaksie indien T-Opsie met lesings slegs in Afrikaans vervang sou word						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Sal aanvaar	59	20	21	50	-	42
Sal jammer wees	31	30	48	17	50	34
Onaanvaarbaar/Sal tot ’n ander univ. neig	7	42	21	17	50	19
Ander	3	8	10	16	-	5
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Die reaksies op hierdie hipotetiese moontlikheid is nie fel nie. Om en by die helfte van die Engelssprekendes sal dit of aanvaar of dit jammer vind maar vier uit tien sal geneig wees om heftig daarop te reageer. Wat miskien verbasend sal voorkom is dat tot ’n derde van die Afrikaanssprekendes negatief op die moontlikheid sal reageer. Om verskeie redes waardeer hierdie studente die blootstelling aan twee tale, miskien deels omdat dit makliker is om by te bly in die afskryf van klasnotas, al is die afskryf van notas nie die gepaste doel van die bywoon van voorlesings nie. Hier, weereens, is daar miskien ’n rede vir opvoedkundige aandag aan die T-Opsie.

Die reaksies in tabel 17 op die ander moontlikheid, naamlik die van ’n vervanging van die T-Opsie met slegs Engelse lesings is ewe interessant.

Tabel 17. Reaksie indien T Opsie met lesings slegs in Engels vervang word						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Sal aanvaar	15	60	38	50	50	31
Dit sal jammer wees	34	34	41	33	33	35
Onaanvaarbaar	46	6	14	17	17	30
Ander	5	-	7	-	-	4
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Weer eens is die reaksies nie baie sterk nie, maar slegs 15% onder die Afrikaanssprekendes sal die skuif gewilliglik aanvaar. Die merkwaardigste egter, is dat 40% van die Engelssprekende studente die verandering sal betreur. ’n Beduidende

groep onder die nie-Afrikaanssprekendes wil dus blykbaar graag die inslag van Afrikaanse akademiese kultuur behou.

Dit is miskien een rede vir die resultate in tabel 18, wat die hele steekproef dek. ’n Beduidende meerderheid by alle taalgroepe reageer positief op ’n T-Opsie benadering waarin die twee tale as gelyk behandel sou word. Hierdie is ’n hipotetiese vraag omdat, soos reeds genoem, is die formele T-Opsie beleid dat Afrikaans as die verstek-taal is en oorwegend gebruik sal word. Die moontlikheid van ’n beleid waarin die twee tale gelyk behandel sou word vind wye byval onder die studente in die opname. Teenkanting is slegs by betreklik klein minderhede te vind. Die oorgrote meerderheid van die Engelssprekende studente, wat die meeste geneig is om kritiek op huidige taalpatrone uit te spreek, sou ’n benadering waarin die tale gelyk gebruik word waardeer.

Tabel 18. Algehele reaksie op ’n T-Opsie benadering met eweredige taalgebruik

	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Die beste oplossing	35	38	36	50	50	36
Aanvaarbare oplossing	48	57	48	33	50	50
Minder aanvaarbaar	12	4	13	17	-	10
Heeltemal onaanvaarbaar	4	-	3	-	-	3
Ander	1	1	-	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Dieselfde konsensus word in tabel 19 weerspieël[3]. Oor die 70% onder alle groepe sal graag monitering wil sien wat die eweredigheid van taalgebruik in klaskamers sal verseker (indien sodanige monitering enigsins prakties sou wees).

[3] Streng gesproke, is die vraag wat in tabel 19 gedek word tegnies verkeerd omdat dit die indruk kan skep dat die T-Opsie veronderstel is om die twee tale gelyk te stel. Die bewoording is egter vereenvoudig om die tema van gelykwaardigheid nie te ingewikkeld vir ’n vraeboog te maak nie.

Tabel 19. Behoefte aan noukeurige en deurlopende monitering van taalgebruik om eweredigheid te verseker						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Baie nodig	34	40	46	75	67	39
Redelik nodig	42	42	42	25	17	41
Taamlik onnodig	18	15	3	-	17	14
Heeltemal onnodig	5	3	3	-	-	5
Geen antwoord	1	-	6	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Tot dusver is die algemene gees wat in die antwoorde van Afrikaanssprekende studente weerspieël word redelik versoeningsgesind. Maar soos reeds gesien is in die reaksie van Engelssprekende studente op wat hulle as oormatige gebruik van Afrikaans sien, is die studente nie pap nie. Dit geld ook vir Afrikaanssprekende studente, soos in tabel 20 duidelik word.

Tabel 20. Tevredenheid met ’n taalbeleid INDIEN dit daartoe sou lei dat Afrikaans as voertaal op US uitgefaseer sou word						
	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Baie tevrede	1	11	13	17	33	6
Taamlik tevrede	3	23	6	17	-	8
Maak nie saak nie	9	17	29	-	-	13
Taamlik ontevrede	23	30	19	33	33	25
Baie ontevrede	64	19	29	33	33	47
Ander	1	-	3	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

In tabel 20 sien ons dat die hipotetiese moontlikheid dat Afrikaans uitgefaseer sou word nie net amper nege uit tien Afrikaanssprekendes gegrief sou laat voel nie maar

so ook die helfte of meer onder ander taalgroepe. **Daar is dus ’n beduidende siening onder nie-Afrikaanssprekendes dat Afrikaans as voertaal as ’n basiese kenmerk van die US behoue moet bly.**

Tabel 21 toon egter aan dat Afrikaans en Engelssprekendes tog ’n basiese voorkeur vir of toewyding het aan hul onderskeie tale, hoewel die Afrikaansprekendes dit in hierdie tabel minder vertoon as by Engelssprekendes.

Tabel 21. Die enkele Suid Afrikaanse taal wat die studente persoonlik die meeste as taal van onderrig op universiteit sou verkies

	Afrikaans-sprekend %	Engels-sprekend %	Afrikaans en Engels %	Xhosa-sprekend %	Ander taal %	TOTAAL %
Afrikaans	67	11	36	-	33	48
Engels	32	89	48	100	67	49
Xhosa	-	-	3	-	-	-
Ander taal	1	-		-	-	2
Ander	-	-	10	-	-	-
Geen antwoord	-	-	4	-	-	1
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Die antwoorde van die Afrikaanssprekendes in Tabel 21 is in ’n mate teenstrydig met hul antwoorde in tabel 20, waarin slegs 13% van die Afrikaanssprekendes die uitfasering van Afrikaans sou verwelkom of aanvaar. Die response in tabel 21 is ook teenstrydig met verdere resultate wat nog ontleed moet word. Die indruk dus dat amper ’n derde van die Afrikaanstaliges vir Engels as enigste taal van onderrig sou verwelkom is redelik verdag.

Een moontlike verklaring hiervoor is dat die studente aan universiteite in die algemeen en nie aan die Universiteit van Stellenbosch nie (die vraag het slegs die woorde “op universiteit” gebruik) maar in die lig van die feit dat die vrae wat die vraag wat hier bespreek word voorafgegaan het almal oor die US gehandel het is dit onwaarskynlik. ’n Ander verklaring is dat Afrikaanssprekende studente ’n mate van angs oor hul isolasie of gevreesde isolasie van wat hulle as die “hoofstroom” sien ervaar, en ondanks ’n toewyding aan Afrikaans, daarom ook graag nader aan Engels

wil beweeg. Dit is in die skrywer se ervaring pynlik sigbaar onder jonger Afrikaanssprekendes in die bedryfslewe in groot stede. Dit herinner aan die verskynsel onder Jode in die VSA in die jare voor die Tweede Wêreld Oorlog toe hulle etnies getrou gebly het maar onder druk van diskriminasie so verleë oor hul identiteit geraak het dat baie van hulle hul name na Angel-Saksiese name laat verander het (die verskynsel het bekend gestaan as die sg. “Self-hatred among the Jews”).

4.7 Taalopsies met mekaar vergelyk

Daar is dus in die vorige resultate ŉ mate van dubbelsinnigheid oor die presiese houdings en aansprake van die Afrikaanssprekende studente oor tale van onderrig op die Universiteit van Stellenbosch. Die Engelssprekende studente en diegene uit tweetalige huishoudings vertoon ook ŉ mate van dubbelsinnigheid in die verband. Miskien is dit deels toe te skryf aan die feit dat elkeen van die verskillende vrae wat gevra is in ŉ effens ander konteks deur die respondente benader is. Daarom, ter afsluiting van die vrae oor taalbeleid, is dit nodig dat al die opsies en keuses in ŉ standaard konteks vertolk kan word.

Met hierdie doel voor oë is daar laat in die onderhoud, nadat die respondente omtrent oor alles besin het, ŉ volle reeks taalbeleid-opsies aan die studente voorgele met ŉ standaard inleiding tot die vraag. Dit was vraag 29 wat so gevra is: “***Hier is ŉ reeks opsies vir taalbeleid op Stellenbosch. Vir elkeen sal ons graag weet of jy dit sal verwelkom, aanvaarbaar vind, in ŉ mate onaanvaarbaar vind of baie onaanvaarbaar sal vind.*** In die antwoord kategorieë is ook voorsiening gemaak vir ŉ neutrale reaksie: ***“Dit maak nie saak nie".*** In tabel 22 word die reeks reaksies op die vraag opgesom, met ŉ groepering van aanvaarbaarheid of neutraliteit teenoor onaanvaarbaarheid.

Tabel 22. Voorkeure uit 'n reeks opsies vir 'n taalbeleid: persentasies wat die keuse sou <u>verwelkom, aanvaar of neutraal sou staan</u> TEENOOR persentasies wat dit <u>onaanvaarbaar</u> sou vind				
Taalbeleid-opsies en % wat die opsie verwelkom, aanvaar of neutraal staan	**Afrikaans sprekend. %**	**Engels sprekend. %**	**Beide %**	**Alle tale %**
Hoofsaaklik en konsekwent Afrikaans:				
Aanvaarbaar/Neutraal:	83	43	65	68
Onaanvaarbaar:	16	57	35	31
Hoofsaaklik Afrikaans met herhaling van belangrike inhoud in Engels:				
Aanvaarbaar/Neutraal:	87	72	74	81
Onaanvaarbaar:	11	28	26	18
Hoofsaaklik Afrikaans met addisionele lesings in Engels:				
Aanvaarbaar/Neutraal:	86	83	84	85
Onaanvaarbaar:	13	17	13	14
***Eweredige Parallelmedium*:**				
Aanvaarbaar/Neutraal:	79	94	87	84
Onaanvaarbaar:	21	6	13	16
Eweredige T-Opsie:				
Aanvaarbaar/Neutraal:	73	89	81	78
Onaanvaarbaar:	27	11	19	22
Sommige vakke in Afrikaans en ander in Engels:				
Aanvaarbaar/Neutraal:	30	43	42	35
Onaanvaarbaar:	69	55	58	64
Hoofsaaklik Engels maar met herhaling van inhoud in Afrikaans:				
Aanvaarbaar/Neutraal:	32	68	42	43
Onaanvaarbaar:	67	28	58	55
Hoofsaaklik en konsekwent Engels:				
Aanvaarbaar/Neutraal:	26	64	39	37
Onaanvaarbaar:	70	34	61	60

In die resultate in tabel 22 kan gesien word dat die gewildste keuse onder Afrikaansprekende studente sou 'n basies Afrikaanse voertaal wees maar met bykomstige blootstelling aan Engels. Suiwer Afrikaanse onderrig sou egter ook deur oor die 80% verwelkom word. Daarna is parallelmedium die keuse gevolg deur 'n eweredige T-Opsie. Aparte vakke in aparte tale is redelik ongewild en so ook opsies wat op basies Engelse onderrig neerkom.

Onder Engelssprekende studente sou parallelmedium onderrig die gewildste wees, gevolg deur ʼn eweredige T-Opsie. Daarna, verbasend miskien, val die keuse op basies Afrikaanse onderrig met byvoegsels in Engels. Hierdie keuse is onder die steekproef meer gewild as ʼn basies Engelse voertaalbeleid.

Met ʼn klein steekproef moet die verskille wat hierbo genoem is natuurlik baie versigtig vertolk word. Wat egter op grond van hierdie resultate en ander wat reeds genoem is met groter sekerheid aanvaar kan word is dat die meerderheid onder Engelssprekende studente glad nie gekant is teen ʼn basies Afrikaanse voertaalbeleid nie mits dit nie eksklusief is nie en wel voorsiening vir addisionele inhoud in Engels maak.

Onder Afrikaanssprekendes is dit egter ook baie interessant dat ondanks faktore wat hulle daartoe noop om ʼn groot mate van blootstelling aan Engels te verwelkom, hulle meer toegewy is aan ʼn basiese beleid van Afrikaans-medium onderrig as wat die Engelssprekende studente aan basiese Engelsmedium-onderrig op US is. Dit is ook interessant dat die studente uit tweetalige huishoudings rofweg tussen die twee ander taalgroepe ressorteer maar ʼn basies Afrikaanse voertaalbeleid bokant basies Engelse onderrig verkies.

4.8 Wye steun vir ʼn Afrikaansgerigte tradisie op US

Die uitslae in tabel 22 gee weer die indruk dat die basies “Afrikaanse” akademiese kultuur en taaltradisie van die US deur die oorgrote meerderheid van alle studente beskerm wil word, net solank daar redelike toegewings aan Engels gemaak kan word. Hierdie faktor van gemeenskaplikheid kan ook in die antwoorde op ʼn vraag oor die implikasies van taaltransformasie gesien word. In tabel 23 word die reaksies gegee op ʼn vraag oor die moontlikheid dat veranderings in taalbeleid tot die verlies van die huidige karakter van die US sou kon lei.

Tabel 23. Reaksies op die moontlikheid dat die kultuur en karakter van Afrikaanse universiteite deur taal-aanpassings verander sou kon word						
Reaksies op verandering in US kultuur en karakter	**Afrikaans-sprekend %**	**Engels-sprekend %**	**Afrikaans en Engels %**	**Xhosa-sprekend %**	**Ander taal %**	**TOTAAL %**
Baie gewens	2	8	3	33	33	5
Taamlik gewens	4	17	10	-	17	8
Taamlik jammer	49	49	55	50	33	49
Ongewens	42	26	26	17	17	35
Ander	3	-	6	-	-	3
TOTAAL	100	100	100	100	100	100

Die resultate wys daarop dat die oorgrote meerderheid onder Afrikaanssprekende studente, asook ongeveer 75% van Engelssprekendes en 81% van die studente uit tweetalige huishoudings, nie die huidige “Afrikaanse” karakter en taal-identiteit van die universiteit sal wil prysgee nie. Enige beleid wat enigsins 'n risiko van 'n verswakking van hierdie karakter inhou sal derhalwe met verloop van tyd 'n bron van konflik of tweespalt kan word. Al is die sub-steekproewe baie klein, selfs die meerderheid Xhosa en ander taal-sprekers in die steekproef deel hierdie sentiment.

5. Verwantskappe in die gegewens en onderliggende impakte

Die beperkte grootte van die steekproef beteken dat verdere statistiese ontledings nie juis veel waarde tot die insigte hierbo sal kan byvoeg nie. Daar is egter enkele insigte wat in kruistabelle verskyn wat genoem kan word. Slegs kruistabelle wat betekenisvolle wendinge openbaar word hier bespreek.

Een is die mate waarin akademiese prestasies tot die reaksies van studente op taalbeleid bydra. Wat uiteraard hier die meeste tel is hoe studente self hulle akademiese prestasies evalueer. Studente is gevra hoe hulle akademies in 2006 presteer het. Twee derdes van die studente het gevoel dat hulle of beter as wat hulle verwag het, of so goed as wat hulle kon, presteer het. ’n Derde voel egter dat hulle slegter of baie slegter gevaar het as wat hulle kon presteer het. Hierdie studente is geneig om redes vir hulle teleurstellende prestasies in die taalbeleid te soek. In ’n reeks kruistabellerings van self-beoordeelde prestasies teenoor reaksies op die US taalbeleid is die volgende verskille gevind tussen diegene wat akademies goed gevaar het en diegene wat minder tevrede met hulle resultate is – sien tabel 24.

Tabel 24. Die uitwerking van akademiese prestasies op reaksies op US taalbeleid				
	Akademiese prestasies in 2006			
	Het beter as verwag gevaar	Goed gevaar	Slegter gevaar	Baie slegter
Ontevredenheid met US taalbeleid in die algemeen	17%	17%	22%	31%
T-Opsie onaanvaarbaar of baie onaanvaarbaar	8%	11%	19%	23%
T-Opsie het prestasies negatief beïnvloed	9%	11%	15%	11%

Daar kan in tabel 24 gesien word dat die studente wat swakker as verwag gevaar het meer ontevrede met die taalbeleid is as die gemiddelde en dat hulle meer geneig is as ander om die T-Opsie onaanvaarbaar te vind. Hulle maak egter nie konsekwent ’n

bewustelike konneksie tussen prestasies en die T-Opsie nie. Hierdie opmerking gaan oor die patroon in die tabel en daar word geensins gesuggereer dat die taalbeleid die werklike oorsaak van die swakker akademiese prestasies is nie. Die tabel gee slegs ’n aanduiding dat taalbeleid moontlik as sondebok vir swak akademiese prestasies gebruik kan word.

In tabel 25 word die verwantskap tussen tevredenheid met die taalbeleid soos studente dit ervaar en enkele ander veranderlikes verken.

Tabel 25. Die uitwerking van algemene reaksies op taalbeleid op ander antwoorde				
	Taalbeleid in fakulteit			
	Baie tevrede	**Redelik tevrede**	**Taamlik ontevrede**	**Baie ontevrede**
T-Opsie moet deeglik gemoniteer word: nodig of baie nodig	71%	78%	90%	100%
Self-beoordeelde tweetaligheid: swak of baie swak	8%	10%	37%	37%
Studie in Engels het groot loopbaanvoordele	53%	56%	83%	83%
Universiteite moet die werklikheid van ’n sterk wêreldtaal aanvaar	73%	81%	83%	100%

In tabel 25 kan gesien word dat die ontevrede studente sterker voel as ander oor die behoefte aan deurlopende monitering van die T-Opsie. Ook kan gesien word dat die studente wat hulle eie tweetaligheid as swak evalueer meer geneig is om ontevrede met die taalbeleid te wees.

Die ontevredenes is ook meer geneig as ander om te voel dat studie in Engels groot loopbaanvoordele inhou, en dit wil voorkom asof loopbaan-angs op hierdie wyse op reaksies op die taalbeleid inspeel. Om dieselfde redes is die ontevredenes waarskynlik meer geneig om te dink dat universiteite Engels as sterk wêreldtaal in hulle beleid moet aanvaar.

Baie lande en kulture het in ’n mindere of meerdere mate ’n oordrewe bewustheid van die status van die Angel-Saksiese kultuur. Hier te lande is dit in die verlede as die

“Engelse siekte” bestempel. Dit duur nog voort onder die impak van globalisering en daar is tans onder baie Afrikaanssprekendes ’n persepsie van ’n onafwendbare super-wêreldkultuur. Daar is tekens in die resultate van die studente opname dat baie nie-Engelssprekende studente hierdie sentiment deel. In tabel 26 kan gesien word in hoe ’n mate hierdie siening op houdings ten opsigte van taalaangeleenthede inwerk.

Tabel 26. Die uitwerking van die siening dat Engels as sterker wordende wêreldtaal onstuitbaar is en deur universiteite aanvaar behoort te word

	Universiteite moet Engels as sterk wêreldtaal in beleid aanvaar	Hoef nie in beleid aanvaar te word nie
T Opsie die beste oplossing op US	39%	24%
Toenemende gebruik van Engels op universiteite is baie nodig	19%	2%
Veranderinge in kultuur en karakter van Afrikaanse universiteite is baie gewens	6%	2%

Die patrone in tabel 26 wys in watter mate die persepsie van Engels as ’n onafwendbare wêreldkrag die T-Opsie in die houdings van de studente bevoordeel. Nie slegs die T-Opsie nie maar ook die houding dat toenemende gebruik van Engels baie nodig is. “Anglofiele” sal egter miskien teleurgesteld wees dat ondanks hierdie kragtige siening, 90% of meer van die studente geensins oortuig dat veranderings in die kultuur en karakter van Afrikaanse universiteite noodsaaklik is nie.

6. Gevolgtrekkings en Bespreking

Vanweë die beperkte grootte van die steekproef moet gevolgtrekkings in hierdie studie baie versigtig gestel word. Bloot wat die statistiese beduidendheid van resultate aanbetref, is daar min in die bevindinge wat as onweerlegbare feite aanvaar behoort te word. Dit nieteenstaande, sou dit statisties uiters onwaarskynlik wees dat ʼn groter steekproef tot teenoorgestelde of beduidend verskillende gevolgtrekkings sou kon lei. Daarom is dit haas onmoontlik dat die breë patrone van houdings onder voorgraadse studente radikaal anders kan wees as wat in die verslag hierbo geskets is. Breër gesien, is daar egter soveel bekende en onbekende faktore wat op enige resultaat in ʼn meningsopname inwerk dat dit gewaag is om harde bewyse of teenbewyse van enige saak van ʼn meningsopname te verwag. Daarom moet die gevolgtrekkings hieronder verkieslik as breë aanduidings van sterk moontlikhede vertolk word.

Selfs dit kan nie van die antwoordpatrone van die Xhosasprekers en sprekers van ander Afrikatale gesê word nie. Soos reeds gewaarsku is die antwoorde van hierdie klein studenteminderhede slegs ter wille van volledigheid in die tabelle ingesluit. Dat die opname in hierdie opsig ʼn groot tekortkoming het, moet sonder voorbehoud toegegee word. Die steekproef moes beduidend groter gewees het, met ʼn apart opgeweegde seleksiestratum vir die klein minderheid van studente wat nie Afrikaans of Engelssprekend is nie. Fondse was die struikelblok maar dit kan nie ʼn verskoning wees nie. Daarom moet ʼn eerste gevolgtrekking wees dat daar onmiddellik beplan word om ʼn opvolgstudie onder hierdie taal-minderhede te loods. Omdat die betrokke studentegroep nog so klein is dat die meeste studente waarskynlik mekaar goed ken, sal daar van buite onderhoudvoerders gebruik gemaak moet word, en dit het natuurlik finansiële implikasies.

Oor die Afrikaans en Engelssprekende studente, en die hoofsaaklik minderbevoorregte studente uit tweetalige huishoudings, (wat hierna “dubbeltalige” studente genoem sal word) kan daar met heelwat minder onsekerheid gepraat word, al moet dit soms in breë terme wees.

6.1 Onderliggende gesindhede en houdings:

Alle menings oor spesifieke aangeleenthede moet binne ʼn breër verband verstaan word – ʼn konteks van die onderliggende faktore of gesindhede wat spesifieke houdings kan kondisioneer. Die onderliggende aspekte wat in die opname verken is het die volgende insigte opgelewer:

- **Aanpassingsprobleme**: studente het in redelike detail oor hulle aanpassingsprobleme op US gepraat, en daar is inderdaad tekens dat die studentelewe geensins sorgeloos is nie. Die **235** studente het **316** beduidende aanpassingsprobleme op US opgenoem waarvan amper ʼn kwart taal- en kommunikasieprobleme was, insluitende taal van onderrig. Hierdie taalverbonde probleme het nagenoeg ʼn derde van die studente gekwel, veral onder die nie-Afrikaanssprekende studente.

- **Taalvermoëns en tweetaligheid:** amper 40% van die nie-Afrikaanssprekende studente teenoor onder 10% van die Afrikaanssprekende het hul eie tweetaligheid as swak of baie swak evalueer, maar slegs 25% van alle studente gee sistematiese aandag aan die verbetering van hul vaardighede in die alternatiewe taal. Die taal en kommunikasieprobleme hierbo genoem is dermate vererger.

  Taalvaardigheid, of meer presies gestel, swak tweetaligheid onder nie-Afrikaansprekende studente en personeel, en wat as baie trae pogings om hul Afrikaans te verbeter voorkom, is dus ʼn kernbelangrike onderliggende faktor wat redelike oplossings van die taalvraagstuk beduidend bemoeilik.

- **Belangstelling in die taalvraagstuk:** nagenoeg 70% van die nie-Afrikaanssprekende studente het die debat oor taalbeleid op US as belangrik of baie belangrik geag teenoor ʼn rapsie oor die 50% onder Afrikaanssprekende en dubbeltalige studente. Die taal-minderhede voel waarskynlik ook meer intens oor die taalaangeleentheid as Afrikaanssprekende studente, omdat taal en kommunikasieprobleme hulle oor die algemeen meer kwel.

- **Persepsies oor die toekoms van Afrikaans:** minder as 10% van die studente, Afrikaanssprekendes ingesluit, verwag dat Afrikaans op US in die toekoms deur Engels vervang sal word, hoewel tussen 35% en 40% verwag dat dit na ’n tweede taal naas Engels afgeskaal sal word. Ongeveer 50% van die Afrikaanssprekende studente sien die posisie van Afrikaans dus as veilig. Die Afrikaanse studente verwag egter oor die algemeen nie dat dit die universiteitbestuur sal wees wat die posisie van Afrikaans sal beskerm nie, maar eerder die Afrikaanse gemeenskappe self. Die hoofsaaklik minderbevoorregte dubbeltalige studente het baie meer vertroue in die Universiteit om Afrikaans te beskerm as hulle Afrikaans en Engelssprekende medestudente.

- **Vertroue in die mededingendheid van Afrikaans:** hoewel studente die sterk internasionale posisie van Engels en die gepaardgaande loopbaan voordele daarvan erken, voel slegs 20% tot 25% van die Afrikaanssprekende studente dat Afrikaanse onderrig nie vir hulle uitmuntendheid en sukses in die moderne wêreld kan verseker nie.

- **Gevoelens oor hul persoonlike toekomste**: Afrikaanssprekende studente is geensins minder optimisties oor hul persoonlike toekoms as Engelssprekende studente nie. Hoewel Afrikaanssprekende studente dus sterk onder die indruk van die krag en belangrikheid van Engels is, voel slegs 20% dat onderrig in Afrikaans hulle toekomste sal belemmer. Die studente uit tweetalige huishoudings is selfs minder geneig om Afrikaanse onderrig as ’n belemmering te sien.

- **Watter mate van taalbedreiging ervaar die Afrikaansprekende meerderheid?** Die kort antwoord op die vraag is dat heelwat minder as wat verwag is taalbedreig voel:
  - Slegs omtrent 50% van die Afrikaanssprekendes en ’n derde van die dubbeltalige studente voel dat die algemene verengelsing van tersiêre instellings in die land <u>onnodig of ongewens</u> is.

- Amper 40% van die Afrikaanssprekende studente en amper 70% van die dubbeltalige studente sal dit jammer of onaanvaarbaar vind indien T-Opsie lesings met lesings slegs in Afrikaans vervang sou word.
- Slegs 16% van Afrikaanssprekende en dubbeltalige studente sal ʼn beleid van streng en noukeurig gemoniteerde tweetaligheid op US, wat op ʼn afskaling van Afrikaans sal neerkom, onaanvaarbaar vind.
- Wanneer hulle gevra is watter EEN taal hulle die meeste sou verkies as onderrigtaal, het amper ʼn derde van die Afrikaanssprekende studente en nagenoeg 50% van die dubbeltalige studente vir Engels gekies.
- Hierdie bevindings beteken nie dat die Afrikaanstalige en dubbeltalige studente nie vir Afrikaans omgee nie. Een rede vir die patroon in die resultate is dat hulle miskien te maklik die "polities korrekte" veronderstelling aanvaar dat verengelsing ʼn onafwendbare gevolg van transformasie is. Daar is ook ander faktore en persepsies wat hulle minder geneig laat voel om sterk op Afrikaanse onderrig of eie taalbehoud aan te dring.
- Maar, in weerwil van hulle huiwering, sou 87% van die Afrikaanssprekende studente en 48% van die dubbeltalige studente ontevrede of baie ontevrede wees indien Afrikaans op US uitgefaseer sou word.

6.2 Basiese taalgesindhede van Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente:

Die basiese gesindhede onder Afrikaanssprekendes kan waarskynlik soos volg opgesom word.

Daar is toewyding aan die oorlewing van Afrikaans, verkieslik in een of ander verwantskap met Engels maar dan in ʼn beheerde konteks. Hierdie waardering van Engels is nie soseer op enige gebrek aan vertroue in die mededingendheid van Afrikaans gegrond nie, maar eerder op ʼn reeks subtiele faktore wat op hulle in die huidige situasie inwerk. Hierdie faktore sluit ʼn respek vir die beginsel van versoening van taalbelange in en vir die behoeftes van nie-Afrikaanssprekende medestudente in.

Daar mag ook onder hulle ’n breë positiewe gesindheid teenoor Engels wees – deel van die wêreldwye waardering van moderne Angel-Saksiese kultuur.

Die basiese gesindhede van Engelssprekende studente kan waarskynlik soos volg opgesom word.

Daar is oral in die resultate tekens dat die meeste Engelssprekende studente ’n baie positiewe waardering het vir Afrikaanse akademiese kultuur. Die laaste ding wat hierdie studente na streef is om die US in ’n “Wits” te verander. Hierdie sentiment word deur die meeste studente uit tweetalige huishoudings gesteun. Die meerderheid onder hierdie studente het ook ’n positiewe houding teenoor die gebruik van Afrikaans op die kampus – hulle aanvaar dat Afrikaans die leidende taal sal wees.

Hierdie gesindheid word egter nie deur ’n nagenoeg 15% - 20% minderheid onder Engelssprekende studente gedeel nie – dikwels studente wie se vlak van tweetaligheid so laag is dat hulle ontuis of vervreem voel in ’n Afrikaanse omgewing. Hierdie studente sal neig om hoër middelklas studente uit Johannesburg, Durban en Kaapstad se suidelike voorstede te wees. Hierby ingesluit is sommige begaafde studente[4] met hoë akademiese verwagtinge wat tot hulle ontevredenheid bydra omdat hulle nie deur eksterne faktore soos taal benadeel wil wees nie. Hulle het ook dikwels die kommunikasievaardighede om die kommunikasieklimaat binne die lesingsale te versuur.

6.3 Taalbeleid op US:

6.3.1 Hoe word die taalbeleid verstaan?

Onder die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes en dubbeltalige studente word die huidige “taalbeleid” nog steeds verstaan en ervaar as basies of dominant Afrikaans met toegewings aan, of hulpmiddels in, Engels. Daar is wel ’n minderheid onder Afrikaanssprekendes, hoofsaaklik studente wat sekere vakrigtings volg, wat oortuig is dat Engels as voertaal die dominante onderrigmedium

[4] Die skrywer is daarvan bewus dat Engelssprekende studente op US in minstens drie kategorieë gevind kan word: diegene wat deur bepaalde vakrigtings op US aangetrek is, diegene wat die US as hul eerste keuse gehad het en diegene wat nie aan die toelatingsvereistes op Universiteit Kaapstad en ander universiteite kon voldoen nie.

geword het of besig is om te word. Hulle is bekommerd, en die kommer sou wel groter gewees het indien die studente meer bewus sou gewees het van wendinge elders in die land, waar dosente met “universalistiese” ideale ’n bepaalde ingesteldheid aanwakker wat moedertaal-onderrig in ’n groot mate versmaai.

6.3.2 Tevredenheid met huidige taalbeleid al dan nie:

Teen hierdie agtergrond is dit nie verbasend dat om-en-by 90% van die Afrikaanssprekendes en amper eweveel dubbeltalige studente tevrede is met die taalbeleid soos hulle dit ervaar. By die ontevrede minderheid onder Afrikaanssprekende en dubbeltallige studente is sommige egter ontevrede omdat Engels na hul mening afgeskeep word.

Maar ook teen hierdie agtergrond is dit ook nie verbasend dat nagenoeg 40% van die Engelssprekende studente ontevrede is met die “taalbeleid” wat hulle ervaar nie. Waarskynlik geld dit ook vir die klein minderheid Afrikataal-sprekers. Hierdie negatiewe houding is word egter nie altyd intens beleef nie, en slegs tussen 10% en 20% van die Engelssprekendes vind die taalsituasie onaanvaarbaar. Die vlak van dergelike gevoelens sal waarskynlik hoër wees by minderbevoorregte taal-minderhede.

In sekere fakulteite, veral Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Natuur-en Agriwetenskappe, is daar ’n heel moontlik ’n beduidende polarisasie in taalverwante sentimente tussen Afrikaans en Engelssprekende studente. Dit is moontlik minder opvallend in fakulteite soos Lettere en Sosiale Wetenskappe waar daar baie meer Engels in lesings gebruik word maar ook in Ingenieurswese waar groter klem op die verbetering van taalvaardigheid geplaas word (sien hieronder).

Deel van die polarisasie en die ontevredenheid onder Engelssprekende studente word deur gevoelens van vervreemding veroorsaak wat uit hul gebrek aan tweetaligheid voortspruit. Sover verneem kan word, behalwe by Ingenieurswese, is daar min druk van die kant van die dekane op studente is om taalvaardig in Afrikaans te word nie. Daarom is dit miskien nie toevallig dat die vlak van ontevredeheid by Engelssprekende studente in Ingenieurwese heel moontlik betreklik laag is.

6.3.3 Ervaringe van die T-Opsie:

Sowat 77% van die studente is in ʼn mindere of meerdere mate blootgestel aan die T-Opsie of aan informele weergawes daarvan in die vorm van tweetalige lesings met herhaling of beklemtoning in die alternatiewe taal.

Houdings teenoor die T-Opsie is nie in ʼn streng formele sin getoets nie omdat die oorspronklike beleidsomskrywing van die T-Opsie nie in die vraag opgeneem is nie. Hierdie beleidsomskrywing stel dit dat Afrikaans oorwegend gebruik sal word en dus ook die verstek-taal is, en dat Engels tot op ʼn vlak van hoogstens 50% gebruik sal word. Om houdings teenoor ʼn hoogs gekwalifiseerde regulasie in ʼn meningsopname te toets is feitlik onmoontlik. Daarom is ʼn breër benadering gevolg waarin die inhoud van die T-Opsie aan die ondervraagdes oorgelaat is. Heel moontlik het die oorgrote meerderheid van die respondente die "T-Opsie" eenvoudig as tweetalige voorlesings met afwisseling van tale verstaan.

Sowat 50% van die studente se ervaring is dat Afrikaans meer gebruik word as Engels in "T-Opsie" lesings, teenoor slegs 5% wie se ervaring is dat Engels meer gebruik word. Die ander ervaar die taalgebruik as gelyk of wisselvallig.

Die meeste studente se ervaring is dat hulle prestasies nie deur die T-Opsie beïnvloed is nie, maar by 40% (amper 60% by Engelssprekendes) is die ervaring dat hulle prestasies positief beïnvloed is. Minder as 10% van die studente se ervaring is dat hulle akademiese prestasies negatief beïnvloed is. Die persentasie styg egter tot amper 30% onder die dubbeltalige studente wat waarskynlik in ʼn beduidende mate uit swakker skole kom.

Die grootste groep studente voel dat die T-Opsie goed werk en waardevol is (64%). Onder die redes is dat lesings of meer verstaanbaar is of dat hulle meer tyd gegun word om met notas by te bly (wat nie die bedoeling van voorlesings is nie) en, onder Afrikaanssprekende studente, dat blootstelling aan Engels baie waardevol is. Ongeveer die helfte minder studente reageer negatief op die T-Opsie

Daar is ongeveer ʼn derde van die studente wat die T-Opsie as irriterend of frustrerend ervaar. Die herhalings is vir hulle tydmors of hulle vind dat die afwisseling van tale

hul konsentrasie verbreek. Sommige, moontlik veral onder die swakker studente, voel dat die tyd beter bestee kon word met meer persoonlike aandag of meer verduidelikings van die materiaal.

In ʼn oop vraag oor die voor en nadele van die T-Osie het die betrokke studente 216 positiewe antwoorde gegee teenoor 181 negatiewe antwoorde. Daar word dus beduidende negatiewe aspekte ervaar. (Verdere reaksies op die T-Opsie sal in die verdere bespreking hieronder genoem word)

6.3.4 Wat sou die gewildste taalbeleid wees?

Nadat die studente aan alle soorte vrae en gesigspunte oor taal blootgestel is het hulle op ʼn vraag gereageer waarin die volle reeks taalopsies met mekaar vergelyk kon word. Die rangorde van gewildheid was soos volg, met ʼn plus (+) waar daar breë konsensus tussen die hoof taalgroepe was en met notering van afwykende groepe:

Rangorde van gewildheid:

1. **Hoofsaaklik Afrikaans met addisionele lesings in Engels (85%) +**
2. **Parallelmedium klasse met eweredige taalverdeling (84%) (Engelssprekend 94%/Afrikaansprekend 79%)**
3. **Hoofsaaklik Afrikaans met herhaling van belangrike inhoud in Engels (81%) (Afrikaans 87%/Engelssprekend en dubbel talige studente 72% - 74%)**
4. **ʼn Eweredige en noukeurig gemoniteerde "T-Opsie" (78%) (Engelssprekend 89%/Afrikaanssprekend 73%)**
5. **Hoofsaaklik en konsekwent Afrikaans (68%) (Afrikaanssprekend 83%/ Engelssprekend 43%/Dubbeltalige studente 65%)**
6. **Hoofsaaklik Engels met herhaling in Afrikaans (43%) (Engelssprekend 68%/Afrikaans 32%/dubbeltalige studente 42%)**
7. **Hoofsaaklik en konsekwent Engels (37%) (Engelssprekende studente 64%/ dubbeltalige studente 39%/ Afrikaanssprekende studente 26%)**
8. **Sommige vakke in Afrikaans, ander in Engels (35%) (Engelssprekend 43%/dubbeltalige studente 42%/Afrikaanssprekende studente 30%)**

6.4 Algemene Bespreking:

Daar is ʼn diffuse teenstrydigheid in die bevindinge van hierdie opname. In die voorafgaande reaksies op beleidskeuses (die rangorde van gewildheid direk hierbo) is studente verbasend gewillig is om kompromisse in taalbeleid te aanvaar, en hulle ervaar ook beduidende voordele in die blootstelling aan mekaar se tale. ʼn Groot meerderheid onder die Engelssprekende studente is selfs bereid om ʼn basies Afrikaanse onderrigmedium te aanvaar mits daar oordeelkundige toevoegings in Engels is. Die meerdereheid onder Afrikaanssprekende studente sal ook ʼn Afrikaans-gebaseerde stelsel met ʼn mate van blootstelling aan Engels bo ʼn eksklusiewe Afrikaanse onderrigbeleid verkies. Maar hulle is ook bereid om strenge taalgelykheid in die onderrig te aanvaar, weereens met ʼn aansienlike meerderheid. Dit klink na die grondslag vir ʼn volronde versoening van taal-eise, en dus ook ʼn nuttige basis vir ʼn konsensus-gebaseerde taalbeleid. Maar ongelukkig sou dit 'n groot oorvereenvoudiging wees om so ʼn gevolgtrekking te maak en op grond daarvan ʼn beleid te formuleer en te probeer toepas.

In die praktyk sal enige “oplossing” wat sodanige meerderheidsgesindhede as riglyn neem redelik vinnig begin uitrafel. Dit sal nie botsende aansprake op grond van taalbehoeftes vanuit die studente gemeenskap of in lesingsituasies kan hanteer nie.

Die grootste enkele rede vir hierdie pessimistiese stelling is dat kompromisse wat op meerderheidsentiment gebou is baie dikwels nie die meer aggressiewe eise en aansprake van minderhede binne taalgroepe met meer intense verwagtinge kan bedwing nie. Meerderhede is gewoonlik grotendeels van die sg. “stille” soort, met meer gematigde eise as die minderhede wat al te dikwels meer reaktiewe, radikale of ekstreme eise stel. Dit is gewoonlik ook die ideologiese minderhede wat hardste raas en ander mobiliseer om sake op spitse te dryf.

Die opname-resultate, in hulle geheel gesien, gee die volle prentjie. Hoewel die meerderheid onder Engelssprekende studente hulself met die nog steeds leidende posisie van Afrikaans op die kampus sou kon versoen, sal dit nie ʼn skerp kritiese Engelssprekende minderheid verhinder om te velde trek het teen wat hulle as Afrikaanse dominasie beskou nie. Dit is ʼn algemene verskynsel in die politiek,

kampuspolitiek ingesluit, dat die stert dikwels die hond swaai. Duidelike tekens hiervan kan gesien word in die skerp kritiek van veral ʼn minderheid Engelssprekende studente op die huidige toepassing van die T-Opsie soos hulle dit ervaar. Hierdie kritiese groep sal enige onderrigstelsel wat nie deur middel van strenge monitering noukeurige of breë gelykheid vir die twee tale verseker nie, onaanvaarbaar vind, en hulle kan soms baie intens wees in hulle aansprake hierop.

Presies dieselfde weerstand sal waarskynlik ook onder Afrikaanssprekende studente kop uitsteek indien (of sodra), die gebruik van Afrikaans op die kampus teruggedwing sou word tot ʼn posisie van gelykheid met Engels of minder. Net soos die Engelssprekende minderheid, sal ʼn Afrikaanse minderheid sy stem laat hoor, al sal dit aanvanklik met minder vasberadenheid as onder die Engelssprekendes wees, om op die toon van die opname-reaksies ʼn oordeel te vel. Trouens sodanige weerstand vind reeds op die Universiteit van Pretoria plaas, en dit is misleidend om slegs die Vryheidsfront Plus daarvoor verantwoordelik te hou. Hoewel Afrikaanssprekendes gerusgestel word deur die steeds leidende posisie van Afrikaans op die US kampus, is daar in die opname-resultate duidelike tekens van potensiële weerstand teen taalverlies onder Afrikaansprekende studente, al sou hulle aanvanklik ʼn minderheid binne die taalgroep wees.

Noukeurige monitering van die taalbalans, wat altwee taalgroepe ondersteun (onder die Afrikaanssprekende studente, ironies genoeg, is die aandrang deels ter wille van die Engels aandeel in die onderrig), sal help om ʼn oplossing wat op ʼn skikking van taal-eise gegrond is ʼn ietwat langer lewe te beloof. Maar hoe lank? Daar is vyf faktore wat die “skikking” onder druk sal plaas.

Die eerste faktor is die tekens in die bevindinge dat die swakker studente dikwels die skerpste kritiek op die huidige taalpatrone het. Die swak prestasies is in meeste gevalle nie deur die T-Opsie of die taalbeleid in die breë veroorsaak nie maar daar sal altyd ʼn versoeking wees om die voertaalbeleid en/of -praktyk as sondebok te gebruik.

Die tweede is dat die ervaring van die T-Opsie beduidend beïnvloed word deur die vlak van tweetaligheid by die studente. Die gebrek aan tweetaligheid is ʼn wesenlike

probleem vir die T-Opsie of enige soortgelyke benadering, en tweetaligheid is nie eweredig tussen die twee hoof taalgroepe verdeel nie. Die studente doen ook nie veel om hul taalvermoëns te verbeter nie. Nagenoeg 40% van die Engelssprekende studente se Afrikaanse vermoë is blykbaar swak, en hulle is ook nie doelgerig om dit te verbeter nie.

Die derde faktor is die tekens in die bevindinge dat studente wat ʼn gevoeligheid oor taal het al te maklik geneig is om te verbeel dat die “ander taal” oormatig gebruik word. Kan mense wat hulle eie gevoeligheid op die voertaalbeleid projekteer ooit tevrede gestel word?

Die vierde faktor is dat die nie-Afrikaanssprekende dosente, soos die studente hulle ervaar, beduidend minder tweetalig is as die Afrikaanssprekende dosente. Hoewel daar amper geen tekens van gefokusde ongeduld onder die Afrikaanssprekende studente op hierdie stadium is nie, is daar wel ʼn klein kern van frustrasie dat daar altyd van hulle verwag word om die nie-tweetaliges te beskerm deur in Engels te kommunikeer.

ʼn Vyfde faktor is die feit dat die "inskiklikheid" of versoeningsgesindheid onder baie van die Afrikaanssprekende studente deels te danke is aan ʼn “gemaksone” -- die feit dat Afrikaans, in die praktyk en volgens die presiese omskrywing van die T-Opsie beleid, beduidend meer in die “tweetalige” klasse as Engels gebruik word. Indien Afrikaans wel in die toekoms ingekort gaan word om ʼn strenge taal-ewewig te bewerkstellig, kan groeiende ongeduld onder Afrikaanstaliges, al is dit aanvanklik ʼn minderheid, baie vinnig die klimaat versuur. Meeste studente onder alle taalgroepe steun die beginsel van monitering om ʼn taalbalans te handhaaf maar sal hulle met die resultaat tevrede wees? Sal ten minste 'n deel van die Afrikaansprekende groep nie begin voel dat die T-Opsie of soortgelyke meganismes die huidige gemaksone versteur nie en op ʼn verlies in terme van hulle eie belange neerkom? Die gevoel van taalsekuriteit wat die meerderheid as’t ware bevry om op hierdie tydstip baie versoeningsgesind te wees sal nie noodwendig onder veranderde omstandighede lank duur nie.

ʼn Oorkoepelende faktor is die feit dat die versoeningsmoontlikehede wat uit die resultate straal, eintlik op die keuses van die stiller meerderhede onder albei taalgroepe gegrond is. Etniese spanning in ander kontekste word selde deur die stille meerderhede aangeblaas – dit kom altyd van die randeiers af en hulle vertroebel dan die klimaat vir almal.

Die groot vraag, dan, is hoe die bronne van versoening beskerm kan word in ʼn klimaat waarin die konflikpotensiaal wat in die opname-resultate gesien is baie vinnig aktiveer sal kan word?

6.5 Oplossings?

A) ʼn Streng gemoniteerde en eweredige "T-Opsie"?

Hier word nie van die T-Opsie beleid soos dit formeel omskryf is gepraat nie maar van ʼn beleid wat gelykmatige tweetaligheid te doel het. Gegewe die konteks van ʼn Afrikaanse meerderheid wat vir etlike jare gaan voortduur, asook die feit van gebrekkige tweetaligheid onder nie-Afrikaanssprekende studente en dosente – altwee werklikhede wat ʼn taalbalans gaan skeeftrek -- sal noukeurige monitering baie indringend moet wees om ʼn oplossing te bied. Sal die nodige moniterings-meganismes nie op sigself onmin en frustrasie skep nie. Die beleid, omdat dit as ʼn tweetalige beleid gesien word, skep outomaties verwagtinge dat die tale streng gelyk behandel moet word. Verder, daar is in Deel 6, ses oortuigende faktore bespreek wat die versoening van taal-eise en behoeftes in die T-Opsie baie broos maak. Buitendien word in deel 4.4 aangetoon dat ʼn beduidende persentasie (minstens ʼn derde) van die studente met blootstelling aan die T-Opsie die herhaling van lesingsinhoud irriterend en frustrerend vind. Dit breek ook die konsentrasie van baie studente.

Nog belangriker is egter die feit dat die dubbeltalige studente, moontlik van wie baie van swakker skole kom, beduidend geneig is om te voel dat die T-Opsie hulle akademiese prestasies benadeel. Die "T-Opsie" benadering het waarskynlik heelwat meer opvoedkundige studie nodig voordat die potensiële negatiewe implikasies behoorlik aangespreek kan word.

B) Die instel van parallelmedium onderrig?

Hierdie beleid sou ook feitlik outomaties verwagtinge skep dat die twee tale streng gelyke aandeel behoort te geniet. Parallel-medium onderrig sou ook baie sleg op die moreel van Afrikaanssprekendes inwerk. ’n Beduidende minderheid onder Afrikaanssprekende studente sal kontak met Engels wil behou, om positiewe redes en nie omdat hulle hul taal wil weggooi nie, en sal as gevolg daarvan klasse in die Engelse stroom wil bywoon. Dit sal die geloofwaardigheid van die beleid ondermyn en vrae laat ontstaan oor die kostes van ’n oplossing wat baie Afrikaanssprekendes skynbaar nie waardeer of wil gebruik nie.

Met parallelmedium sal die meerderheid wat die Engelse stroom bywoon nog minder aansporing as tans hê om Afrikaans magtig te word. Die gevolg sal dus ’n soort dubbele eentaligheid wees – die Afrikaansprekendes se Engels word nie beter nie en die Engelssprekendes se Afrikaans nog swakker.

C) Afrikaans as primêre taal met ruim voorsiening vir ondersteuning aan nie-Afrikaanssprekendes?

Hierdie is ’n oplossing wat uit die bevindinge en uit die breër omstandighede van Afrikaans voortspruit. Daar is vier werklikhede en/of opname-bevindinge wat die taalprobleem op US noodwendig in ’n wyer verband plaas. Die een is die feit dat in die hele Wes Kaap, die provinsie met die grootste getal Afrikaanssprekendes, daar geen ander Afrikaanstalige tersiêre instelling meer oor is wat Afrikaans as letterkundige, akademiese en vakkundige medium kan beskerm nie. Hierdie werklikheid, en ook die grondwetlike ruimte vir Afrikaans, plaas kragtige morele druk op die US om Afrikaans as leidende taal te behou.

’n Tweede is die bevinding dat so baie van die Engelssprekende studente wat die US bywoon en in die toekoms sal wil bywoon in ’n beduidende mate deur die sg. Afrikaanse akademiese kultuur aangetrokke voel, al kla ’n minderheid van hul taalgenote juis oor die oorwegend Afrikaanse klimaat.

’n Derde, miskien die belangrikste, is dat die opname-resultate die sterk aanduiding gee dat baie van die Afrikaanstalige en dubbeltalige studente uit swakker skole in die provinsie juis akademiese bemagtiging in Afrikaans verlang en nodig het. Die US is die enigste instelling wat hierdie transformasietaak in Afrikaans kan uitvoer.

’n Vierde faktor is dat die beginsel van Afrikaans as leidende taal, met sterk toevoegings en/of addisionele lesings in Engels, die gewildste oplossings is wat in die opname-resultate verskyn. Daar is waarskynlik ’n 10% tot 20% minderheid onder die nie-tweetalige studente wat dit as Afrikaanse dominasie sal bejeën maar die ondersteuning van die meerderheid is sterk.

In die lig van hierdie werklikhede, is die mees realistiese beleid een wat onbeskroomd Afrikaans as ***primêre*** **onderrigtaal** neem en die volle, konkrete implikasies aan studente en dosente deeglik uitspel.

Die impak van hierdie benadering op nie-Afrikaanssprekende studente wat minder tweetalig is kan deur die volgende versag word:

- Baie effektiewe taalkursusse vir minder tweetalige dosente en voorgraadse studente. Vir die studente sal sulke kursusse sover moontlik kredietdraend binne hulle studieprogramme moet wees.
- Kredietdraende taalkursusse sal veral belangrik wees om meer minder bevoorregte Afrikataalsprekende studente van “township” skole te lok en te akkommodeer. Hierdie studente is tans ’n te klein minderheid op US.
- Die wyer gebruik van nagraadse studente om addisionele studieklasse in Engels aan te bied, by tye om tolkdienste te verrig en om as Engelstalige mentors die nie-tweetalige studente te begelei.
- ’n Proporsie van voorgraadse modules wat wel in Engelsmedium aangebied kan word, veral waar nie-Afrikaanssprekende dosente skaars kennisvelde of tegnieke aanbied.
- Daar kan ook herhalings van kern-inhoud en ekstra verduidelikings in die hoofklasse in Engels wees, miskien aan die einde van lesings.

Hoewel hierdie opsie binne die konteks van die meningopname en die wyer verpligtinge van die Universiteit waarskynlik deur die meerderheid studente en personeel aanvaar sal word, sal dit nogtans dit met die volgende gepaard moet gaan:

- Soos onmiddellik hierbo reeds gestel, effektiewe en verpligte remediërende taalkursusse vir studente en dosente nie net om

tweetaligheid te versterk nie maar ook om gevoelens van vervreemding onder nie-Afrikaansprekende studente teen te werk.

- Oortuigende kommunikasie vroeg in elke akademiese jaar wat kritiese nie-Afrikaanssprekende studente en personeel van die rol en roeping van die US in die Wes-Kaap sal kan oortuig.
- Pro-aktiewe en effektiewe kommunikasie met die owerheid om die versekering te gee dat toegang tot die studie-geleenthede op die universiteit vir nie-Afrikaanssprekende studente geensins deur die taalbeleid belemmer sal word nie, en dat dit veral vir minderbevoorregte Afrikaanssprekende studente inderdaad verruim sal word.
- Dieselfde versekerings aan jong mense, hul ouers en alle ander belanghebbers en meningsvormers.
- Die kommunikasie aan die owerhede, jong mense, hul ouers en belanghebbendes sal die Universiteit se vasberadenheid om nie-Afrikaanssprekende studente ten volle deur middel van effektiewe spesiale taalkursusse en bystand in Engels in studiesituasies te ondersteun.
- Genoeg ondersteuning binne die Afrikaanse gemeenskap en die sakegemeenskap om US die moed te gee om moontlike storms van politieke korrektheid te trotseer.

Die opname-resultate bied geen verdere oplossings of wonderwerke nie.

Aanhangsel: Afskrif van die Vraeboog

Project for the Study of Alternative
Education in South Africa
Projek vir die Studie van
Alternatiewe Onderwys in Suid Afrika

OPNAME ONDER STUDENTE OP DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

INLEIDING

Ek is by 'n belangrike opname op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch betrokke wat deur die onafhanklike Kaapstadse navorsingseenheid, die *Projek vir die Studie van Alternatiewe Onderwys in Suid Afrika*, uitgevoer word. Die opname word met die goedkeuring van die universiteit gedoen en dit sal insette tot toekomstige beleid oor die taal van onderrig op voorgraadse vlak kan maak. Dit gaan in hierdie opname oor jou belewing van die taal van onderrig in jou klasse en verwante sake.

Ons sal graag 'n onderhoud met jou wil voer. Jy is as deel van 'n wetenskaplike steekproef van alle studente op die kampus gekies, en daarom is jou deelname belangrik want jy en ander in die steekproef sal namens baie ander studente praat. Jou antwoorde is egter streng vertroulik. Geen persoon op die personeel of enige raad of komitee van die universiteit sal indiwidue se antwoorde sien nie. Al die antwoorde sal saamgevoeg en rekenaarmatig ontleed word en resultate sal eers daarna bekend gemaak word. Indien enige van die resultate van hierdie opname gepubliseer word, sal dit ook geen verwysing na die menings van enige identifiseerbare individu bevat nie.

Nadat die resultate van die ondersoek deur die Raad van die Universiteit bespreek is sal hulle vir algemene inligting op die webtuiste van die Konvokasie en in die studentekoerant, Die Matie, bekend gestel word.

Voor ons begin moet ek egter aan jou oordra dat jy die reg het om nie aan hierdie opname deel te neem nie, dat jy die reg het om te weier om enige vraag te beantwoord en dat jy die reg het om jou te onttrek van die opname sonder dat jy in enige opsig benadeel sal word. Jy het ook die reg om aan die einde van die onderhoud seker te maak dat jou antwoorde korrek op die antwoordblaaie aangebring is.

As `jy enige navraag oor die opname of die vrae het kan jy die projekleier, prof. Pierre du Toit van die Departement van Politieke Wetenskap by 021-808-3601 of pdt@sun.ac.za kontak. Enige navrae oor jou regte as deelnemer in die opname kan aan Me. Maryke Hunter Husselman by die Afdeling Navorsingsontwikkeling gerig word by 021-808-4622 of mh3@sun.ac.za gering word.

Ek sal jou graag ook vra om 'n kort verklaring te lees en onderteken. (Handig verklaring aan respondent -- sien aan die einde van die vraelys)

Baie dankie vir jou samewerking.

INTRODUCTION

I am involved in an important survey on the campus of the University of Stellenbosch conducted by the independent Cape Town research unit, the Project for the Study of Alternative Education in South Africa. The survey has the approval of the university and it will make an input to future policy regarding language of tuition at undergraduate level . It concerns the experience of students of the langauge of tuition in the classroom and related issues. .

We would appreciate being able to conduct an interview with you. You have been selected as part of a scientific sample of all students on the campus, and your answers are important because you and others in the sample will be speaking on behalf of many other students. Your answers will be strictly confidential. Nobody on the staff or any committee or council of the university will have sight of your answers. All answer will be combined for computer analysis and results will only be released thereafter. If any of the results are published there will be no reference to the opinions of any identifiable individual.

Before we begin I would like to inform you that you have the right not to participate in this survey, that you have the right not to answer any question and that you have the right to withdraw from the survey without being disadvantaged in any way. You also have the right at the end of the interview s to confirm that your answers have been correctly recorded.

If you have any queries about the survey or questions asked you may contact the project leader Prof. Pierre du Toit of the Department of Political Science at 021-808-3601or pdt@sun.ac.za. Any queries your may have about your rights as a participant can be directed to Ms. Maryke Hunter-Husselman in the Division of Research Development at 021-808-4622 or mh3@sun.ac.za.

I would also like to ask you to read and sign a brief declaration. (Hand copy of Declration to respondent –see end of the questionnaire.)

Thank you very much for your co-operation.

Onderhoudvoerder:

- ***Vra die vrae soos hulle in swart gedruk is by Afrikaans-sprekendes, en vra die blou-gedrukte Engelse weergawes aan Engels en Xhosa-sprekendes. By alle ander respondente, vra of hulle die onderhoud in Afrikaans of Engels wil voer.***
- ***By BEDUIDENDE "ander" antwoorde, gee kort besonderhede onderkant die antwoordblokkies, of aan die oorkantse bladsy se agterkant***
- ***"Pols" vir tot twee addisionele antwoorde in oop vrae***
- ***Lees vaste antwoordkeuses duidelik en herhaal indien respondent onseker lyk***
- ***LW: respondente kan by ENIGE vraag meer as een antwoord gee tensy dit anders vereis word***

Interviewer:

- ***Ask the questions as they have been printed in blue among English and Xhosa-speakers and in black among Afrikkaans-speakers. Among all other respodents ask if they want to be interviewed in Afrikaans or in English.***
- ***With SIGNIFICANT "other" answers give details below the answer blocks or on the back of the next page.***
- ***"Probe" for two additional answers in open questions.***
- ***Read answer choices clearly and repeat if respondent appears uncertain.***
- ***NOTE: respondents can give more than one answer in response to any question unless otherwise specified.***

---

1. **Wil jy die onderhoud in Afrikaans of Engels voer?/** ***Would you prefer to be interviewed in Afrikaans or English?***

A	**E**	***(Gaan hiervolgens voort)***

2. **Hoe voel jy oor jou toekomsgeleenthede in Suid Afrika na afloop van jou studies op Stellenbosch -- is jy baie optimisties, versigtig optimisties, taamlik pessimisties of baie pessimisties?**
   How do you feel about your future opportunities in South Africa after completing your studies at Stellenbosch -- are you very optimistic, cautiously optimistic, fairly pessimistic or very pessimistic?

Baie optimisties	**Versigtig optimisties**	**Taamlik pessimisties**	**Baie pessimisties**	**Ander**

.....

3. **Wat is die twee belangrikste spesifieke redes vir jou gevoelens oor jou toekomsgeleenthede?**
   What are your two main specific reasons for feeling the way you do about your future opportunities?

   1.....

   .....

   2.....

   .....

4. **Dink terug oor verlede jaar op die universiteit. Watter twee aspekte was vir jou as student die grootste probleme? Noem enigiets wat belangrik was.** ***(Pols)***
   Think back on last year at the University. What two aspects were the biggest problems for you as a student? Mention anything important.

   1.....

   .....

   2.....

   .....

5. **Wat jou akademiese prestasies verlede jaar aanbetref, was hulle oor die algemeen beter as wat jy verwag het, omtrent so goed as wat jy kon presteer het, slegter of baie slegter as wat jy eintlik kon presteer het?**
As regards your academic achievements last year, in general were they better than you expected, about as good as you could have achieved, worse or much worse than you actually could have achieved?

Beter as wat ek verwag het ***Better than I expected***	**So goed as wat ek kon** ***As good as I could***	**Slegter** ***Worse***	**Baie slegter** ***Much worse***	**Ander**

.....

6. **Watter veranderings in enige aspek van die lesings en die onderrig in jou graadprogram sou vir jou die meeste gehelp het om beter te presteer – enige veranderings aan enige aspek?** ***(Pols – wat nog?)***
What changes to any aspect of the lectures and tuition in your degree programme would have helped you most to perform better – any changes to any aspects?

.....

.....

.....

7. **Wat taal of tale van onderrig betref, hoe sou jy die taalbeleid op Stellenbosch soos dit in die praktyk in jou fakulteit tans toegepas is opsom? Jy hoef nie die beleid presies te ken nie -- jou eie indrukke.**
As regards language or languages of tuition, how would you sum up the language policy at Stellenbosch as it is applied in practice at the moment in your faculty? You need not know the policy precisely -- simply give your impressions.

.....

.....

.....

8. **Hoe tevrede of nie is jy met die taalbeleid soos dit tans in jou fakulteit toegepas word? Is jy:**
How satisfied or not are you with the language policy as it is presently applied in your faculty? Are you:

Baie tevrede ***Very satisfied***	**Redelik Tevrede** ***Reasonably satisfied***	**Taamlik ontevrede** ***Fairly dissatisfied***	**Baie ontevrede** ***Very dissatisfied***	**Ander**

.....
.....

9. *(Vra slegs waar taamlik of baie ontevrede)* **Afgesien van jou tevredenheid al dan nie, kan jy die beleid nogtans aanvaar en daarmee saamleef of nie?**
Aside from your satisfaction or otherwise, can you nevertheless accept and live with the policy or not?

Aanvaarbaar *Acceptable*	**Nie aanvaarbaar** *Not acceptable*	**Ander**	*(Tevrede in vr. 8)*

10. **Soos jy seker weet het die Universiteit van Stellenbosch vier verskillende voorgeskrewe opsies vir die taal van onderrig in verskillende modules. Daar is die A opsie waar klasse net in Afrikaans aangebied word, en die E opsie waar klasse net in Engels is. Derdens is daar die T opsie waarin die module in albei tale in die klas aangebied word met die veronderstelling dat in die algemeen maar nie noodwendig in elke klas nie, minstens 50% in die medium van Afrikaans sal wees. Vierdens is daar die A/E opsie waar lesings in die twee tale in aparte parallelle lesings aangebied word. Van watter een of meer van die vier opsies het jy direkte persoonlike ervaring – m.a.w. jy het in so 'n module klasgeloop?**
As you probably know, the University has four prescribed options as regards language of instruction in different modules. There is the A option in which classes are given only in Afrikaans, and the E option for classes only in English. Thirdly there is the T option where both languages are used in the same class, on the assumption that in general but not necessarily in each class at least 50% will be in Afrikaans. The fourth is the A/E option where there are separate parallel classes in both languages.
Of which one or more of the four options do you have direct personal experience – having attended such classes?

A	**E**	**T**	**A/E**	**Ander**

11. *(Vra vrae 11 tot 18 slegs aan respondente met direkte persoonlike ervaring van die T opsie)*
Wat die T opsie -- die dubbelmedium opsie – aanbetref. Ons weet dat individuele dosente kan tussen mekaar en tussen klasse kan varieer, maar neem asseblief die <u>gemiddelde situasie</u>. In jou ervaring van die T-opsie modules in geheel geneem was die tale <u>gemiddeld</u> op 'n min of meer 50/50 basis deur die dosente gebruik, of was daar 'n neiging om <u>gemiddeld</u> meer Afrikaans of meer Engels te gebruik?
In general, as regards the T or dual medium option. We know that individual lecturers can vary between themselves and between classes, but please take the <u>average</u> situation. In your experience of the T-option modules taken together, were the languages <u>on average</u> treated on a 50/50 basis by the lecturers or was there a tendency on <u>average</u>, to use more Afrikaans or more English?

50/50	**Meer Afrikaans**	**Meer Engels**	**Soms meer Afrikaans, soms meer Engels**	**Ander**

12. **Wat was vir jou die vernaamste voordele van die T opsie – dink aan alle aspekte – die lesings, hoe die personeel dit hanteer, hoe die studente reageer, studiemateriale, notas, klasgesprekke, verhoudinge tussen taalgroepe, alle soorte voordele?** ***(Pols baie goed)***
What for you were the main advantages of the T option – think of all aspects – lectures, how the staff handled it, how the students reacted, study materials, notes, class discussions, relations between language groups – all sorts of advantages?

.....

.....

.....

.....

13. **Wat was vir jou die grootse nadele of probleme wat jy met die T-opsie ervaar het? Weereens dink aan alle aspekte – die lesings, hoe die personeel dit hanteer, hoe die studente reageer, studiemateriale, notas, klasgesprekke, verhoudinge tussen taalgroepe, alle soorte nadele ?** ***(Pols baie goed)***
What for you were the main drawbacks or problems that you experienced with the T-option? Once again think of all aspects – lectures, how the staff handled it, how the students reacted, study materials, notes, class discussions, relations between language groups – all sorts of problems?
(probe very well)

.....

.....

.....

.....

14. **Het die T-opsie jou akademiese prestasies positief, geensins of negatief geaffekteer?**
Did the T-option affect your academic performance positively, not at all or negatively?

Positief	Geensins geaffekteer	Negatief

15. **Wat, in die gemiddeld, was die taalvaardigheid van Afrikaanssprekende dosente wanneer hulle Engels as voertaal moes gebruik in die T-opsie?**
What, on average, was the language proficiency of the Afrikaans speaking lecturers when they had to use English in the T option?

Gemiddeld baie Goed *On average very good*	Gemiddeld taamlik goed *On average fairly good*	Gemiddeld taamlik swak *On average fairly bad*	Gemiddeld baie swak *On average very bad*	Ander/Other

16. **Wat, in die gemiddeld , was die taalvaardigheid van nie-Afrikaanssprekende dosente wanneer hulle Afrikaans as voertaal moes gebruik in die T-opsie?**
What, on average , was the language proficiency of non Afrikaans-speaking lecturers when they had to use Afrikaans for instruction in the T-option?

Gemiddeld baie Goed ***On average very good***	**Gemiddeld taamlik goed** ***On average fairly good***	**Gemiddeld taamlik swak** ***On average fairly bad***	**Gemiddeld baie swak** ***On average very bad***	**Ander/Other**

17. **Die T-opsie veronderstel dat die dosent daarna strewe om die lesings in albei tale aan te bied maar sonder dat die gebruik van twee tale <u>irriterende of onnodige herhalings</u> veroorsaak. Wat oor die algemeen is jou ervaring?**
The T-option assumes that both languages are used in lectures without the use of two languages becoming <u>irritating or unnecessary repetitions</u>. What in general is your experience?

Gebruik van twee tale is waardevol ***Use of two languages is valuable***	**Gebruik van twee tale werk taamlik goed** ***Use of two languages works fairly well***	**Gebruik van twee tale is irriterend** ***Use of two languages is irritating***	**Gebruik van twee tale is baie frustrerend** ***Use of two languages is very frustrating***	**Ander/Other**

18. **Wat sal jou reaksie wees as die universiteit besluit om die T-opsie te laat vaar en die modules net in Afrikaans aan te bied? (meer as een antwoord moontlik)**
What will be your reaction be if the university decided to discontinue the T-option and to offer the modules only in Afrikaans? (more than one answer is possible)

Ek sal dit aanvaar ***I will accept that***	**Dit sal jammer wees** ***It will be a pity***	**Ek sal geneig voel om op 'n ander universiteit te studeer** ***I will feel like studying at another university***	**Ander**

.....

19. **Wat sal jou reaksie wees as die universiteit besluit om die T-opsie te laat vaar en die modules net in Engels aan te bied? (LW:meer as een antwoord is moontlik)**
What will be your reaction be if the university decided to discontinue the T option and to offer the modules only in English? (NB: more than one answer is possible)

Ek sal dit aanvaar ***I will accept that***	**Dit sal jammer wees** ***It will be a pity***	**Ek sal dit nie wil aanvaar nie** ***I would not want to accept it***	**Ek sal geneig voel om op 'n ander universiteit te studeer** ***I will feel like studying at another university***	**Ander**

.....

20. ***(Vra weer aan almal)*** **Alles in ag geneem, watter een van die volgende sou jou reaksie op die T-Opsie wees, met 'n gemiddelde eweredige gebruik van altwee tale in dieselfde modules? Is dit:**
All told, which one of the following would be your reaction be to the T Option, with its use on average of two languages equally in the same modules ? Is it:

Die beste moontlike oplossing? ***The best possible solution?***	**'n Redelik aanvaarbare oplossing?** ***A reasonably acceptable solution?***	**'n Minder aanvaarbare oplossing?** ***A less acceptable solution?***	**Of, is dit heeltemal onaanvaarbaar?** ***Or is it completely unacceptable?***	**Ander**

21. **Hoe nodig is dit dat die aanwending van die T opsie noukeuring en deurlopend gemonitor word om te verseker dat die twee tale gemiddeld eweredig gebruik word?**
How necessary is it that the application of the T option be carefully and continuously monitored to ensure that two languages on average are used equally?

Baie nodig ***Very necessary***	**Redelik nodig** ***Fairly necessary***	**Taamlik onnodig** ***Fairly unnecessary***	**Geheel en al onnodig** ***Completely unnecessary***

22. **Watter probleme ervaar jy met taal en kommunikasie buite die klaskamer, bv. in koshuise, biblioteke, rekenaarsentrum, sport, verenigingslewe, ander aktiwiteite – probleme van enige aard? .**
What problems with language and communication do you experience outside of the lecture theatre, for example in hostels, libraries, the computer centre, sport, associations, other activities – problems of any kind?
.....
.....

23. **Wat is jou taalvaardigheid in Engels? Is dit in jou mening:**
What is your proficiency in Afrikaans? Would you regard it as:

Baie Goed *Very good*	**Redelik goed** *Reasonably good*	**Taamlik swak** *Fairly weak*	**Baie swak** *Very weak*	**Ander**

.....

24. **Watter pogings het jy verlede jaar aangewend om jou Engels te verbeter?**
What efforts did you make last year to improve your Afrikaans?

.....

.....

.....

25. **Die vorige vrae was slegs oor Engels en Afrikaans. Hoe nodig is dit dat 'n Afrikataal soos isiXhosa in die toekoms ook as taal van onderrig op Stellenbosch ontwikkel word?**
The previous questions have been only about English and Afrikaans. How necessary is it that in the future an African language like isiXhosa also be developed as a language of instruction at Stellenbosch?

Baie nodig *Very necessary*	**Taamlik nodig** *Fairly necessary*	**Onnodig** *Unnecessary*	**Onprakties** *Impractical*	**Ander**

.....

26. **Hoe belangrik is die gesprek oor die taalbeleid op Stellenbosch vir jou persoonlik?**
How important is the debate on the language policy at Stellenbosch for you personally?

Baie belangrik *Very important*	**Redelik belangrik** *Reasonably important*	**Taamlik onbelangrik** **Fairly unimportant**	**Totaal onbelangrik** *Totally unimportant*	**Ander**

.....

27. **Ek het jou gevra hoe tevrede of nie jy met die taalbeleid is. Hoe tevrede of nie sou jy met die beleid wees indien die beleid uiteindelik daartoe sou lei dat Afrikaans as voertaal op Stellenbosch uitgefaseer sou word?**
I asked you how satisfied or not you are with the language policy at Stellenbosch. How satisfied would you be with the policy if it were to lead to the phasing out of Afrikaans at Stellenbosch?

Baie Tevrede *Very satisfied*	**Taamlik Tevrede** *Fairly satisfied*	**Maak vir my nie saak nie/** *Makes no difference to me*	**Taamlik ontevrede** *Fairly dissatisfied*	**Baie ontevrede** *Very dissatisfied*	**Ander**

28. Watter een van al die tale wat in Suid Afrika gebruik word sal jy die meeste verkies as taal van onderrig op universiteit?
Which one of all the languages used in South Africa would you most prefer as language of tuition at university?

Afrikaans	Engels *English*	IsiXhosa	Ander ..... *Other*

29. Hier is 'n reeks opsies vir taalbeleid op Stellenbosch. Vir elkeen sal ek graag weet of jy dit sal verwelkom, aanvaarbaar vind, in 'n mate onaanvaarbaar vind of baie onaanvaarbaar sal vind:
Here is a range of options for language policy at Stellenbosch. For each I would like to know if you would welcome it, find it acceptable, somewhat unacceptable or very unacceptable:

	Verwelkom dit *Welcome it*	Aanvaarbaar *Acceptable*	Maak nie saak nie/ Makes no difference	In 'n mate onaanvaarbaar Somewhat unacceptable	Baie Onaanvaarbaar *Very Unacceptable*	Ander/Other
Hoofsaaklik en konsekwent Afrikaans as taal van onderrig? *Mainly and consistently Afrikaans as language of instruction?*						
Hoofsaaklik Afrikaans maar met herhaling van belangrike inhoud in Engels? *Mainly Afrikaans but with important content repeated in English?*						
Hoofsaaklik Afrikaans maar met addisionele lesings in Engels? *(Next page)*						

Mainly Afrikaans but with additional lectures in English?						
Afrikaans en Engels eweredig in hul eie parallelle (dws aparte) strome? ***Afrikaans and English equally in their own parallel (that is separate) streams?***						
Afrikaans en Engels konsekwent en eweredig in dieselfde klasse? ***Afrikaans and English consistently equal in the same classes*****?**						
Sommige vakke in Afrikaans en ander in Engels? ***Some subjects in English and others in Afrikaans?***						
Hoofsaaklik Engels maar met herhaling van belangrike inhoud in Afrikaans? ***Mainly English but with important content repeated in Afrikaans?***						

Hoofsaaklik en konsekwent Engels as taal van onderrig? ***Mainly and consistently English as language of instruction?***						

30. Hoe redelik sou dit van 'n Suid Afrikaanse universiteit wees om te verwag dat voorgraadse studente nie in hul taal van keuse kan studeer nie? Voel jy dat:
How reasonable would it be for a South African university to expect undergraduate students not to be able to study in their language of choice? Do you feel that:

Deesdae is dit redelik en nodig ***These days it is reasonable and necessary***	**Met ondersteuning is dit redelik** ***With support it is reasonable***	**In meeste gevalle is dit onredelik** ***In most cases unreasonable***	**Dit is volslae ongewens** ***It is totally undesirable***	**Dit kan nie aanvaar word nie** ***It cannot be accepted***

31. (*Onderhoudvoerder let hier op verskillende weergawes vir Afrikaans en Engels*)
Hoe bereid is jy om Engels as jou hoof studietaal baas te raak? Voel jy:
How willing are you to master Afrikaans as your main language of study?Are you;

Volkome bereid ***Completely willing***	**Bereid indien omstandighede dit nodig maak** ***Willing if circumstances make it necessary***	**Ek sal dit nie graag wil doen nie** ***I would prefer not to***	**Ek weier en verwerp dit** ***I refuse and reject it***	**Ander** ***Other***

.....

32. **Hier is 'n reeks breë doelwitte wat dikwels vir Suid Afrikaanse universiteite voorgeskryf word.** ***(laat die studente self die lys op oorkantse bladsy lees.)*** **Sal jy hulle vir my in rangorde van belangrikheid vir jou persoonlik plaas, met 1 die belangrikste en 6 die onbelangrikste**
Here are a number of broad goals that are often prescribed for South African universities.(let the student read the list on opposite page) How would you rank them in order of importance for you personally, with 1 the most important and 6 the least important?
(Skryf rangorde regs)
BO/TO

- **Die breë persoonlike, sosiale en intellektuele ontwikkeling van studente.** ***The broad personal, social and intellectual development of students***
- **Die strewe na 'n volledig geintegreerde universiteit oor taal, ras en kultuurgrense heen .** ***Striving for a fully integrated university across language, racial and cultural divisions***
- **Wetenskaplike en akademiese uitnemendheid op internasionale vlak.** ***Scientific and academic excellence at international level***
- **Die uitwissing van historiese benadeling en ongelykhede in tersiêre onderwys.** ***The elimination of historic disadvantage and inequality in tertiary education***
- **Doeltreffende loopbaan-voorbereiding en vakkundigheid.** ***Effective career preparation and professionalism***
- **Die volle erkenning van die unieke taal en taalverwante waardes van studente.** ***The full recognition of the unique language and associated values of students***

33. (a) Alle universiteite wat voorheen Afrikaans was is besig om snel te verander wat hul voertale betref, met die toenemende gebruik van Engels. Is hierdie wendinge na jou mening:
All previously Afrikaans universities are changing rapidly in their language usage, with increasing use of English.. In your opinion is this trend:

Baie nodig *Very necessary*	**Taamlik nodig** *Fairly necessary*	**Onnodig** *Unnecessary*	**Ongewens** *undesirable*	**Ander**

.....

(b) <u>Indien</u> hierdie veranderings ook tot veranderings in die algemene kultuur en karakter van die Afrikaanse universiteite sou lei, sou hierdie wending na jou mening:
<u>If</u> these changes also were to lead to changes in the general character and culture of the Afrikaans universities, would these changes in your opinion be:

Baie gewens *Very desirable*	**Taamlik gewens** *Fairly desirable*	**Taamlik jammer** *Somewhat of a pity*	**Ongewens** *undesirable*	**Ander**

34. **Watter <u>twee</u> van die volgende kenmerke van 'n gegradueerde sal sy of haar loopbaangeleenthede die meeste bevorder? (Toon lys aan respondent, merk 1/2)**
Which <u>two</u> of the following characteristics of a graduate will most strengthen his or her career chances?

- **Die regte graadkursusse en vakkeuses**
  The right degree courses and subject choices
- **Uitstekende akademiese uitslae**
  Excellent academic results
- **Kreatiwiteit en innovasievermoë**
  Creativity and innovation?
- **Uitstekende vaardigheid in Engels**
  Excellent proficiency in English
- **Toewyding en vasberadenheid**
  Commitment and determination
- **Die algemeen verwagte politieke gesindhede**
  The generally expected political attitudes
- **Goeie kommunikasievaardighede in die algemeen**
  Good communication skills in general

35. Gaan Afrikaans op Stellenbosch as taal van onderrig oor die komende jare oorleef of nie? Watter een OF MEER van die volgende uitkomste voorspel jy? ***(Wys lys op bladsy oorkant)***
Will Afrikaans at Stellenbosch survive or not as language of instruction over the coming years? Which one OR MORE of the following outcomes do you predict?

Afrikaans sal onafwendbaar deur Engels vervang word ***Afrikaans will inevitably be replaced by English***	
Afrikaans sal as die tweede taal naas Engels oorleef ***Afrikaans will survive as a second language after English***	
Afrikaans en Engels sal gelyk saam oorleef ***Afrikaans and English will survive on a basis of equality***	
Afrikaans sal oorleef omdat Afrikaansprekende studente en gemeenskappe die taal sal beskerm ***Afrikaans will survive because Afrikaans speaking students and communities will protect it***	
Die Universiteit van Stellenbosch sal nooit toelaat dat Afrikaans uitsterf nie ***The University will never allow Afrikaans to die out***	
Ander	

36. **Laastens, hier is ’n reeks menings wat dikwels uitgespreek word. Vir elkeen kan jy aandui of jy breedweg saamstem of breedweg verskil?** ***Lastly, here is a range of opinions that are frequently expressed. For each can you tell me whether you broadly agree, or broadly disagree?***

- **’n Gegradueerde wat in Engels onderrig is het groot loopbaanvoordele oor iemand wat in ’n ander taal opgelei is:** ***A graduate trained in English has great career advantages over someone trained in another language***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Per slot van rekening is daar plek in ons land vir ten minste een of twee universiteite wat oorwegend Afrikaans is.** ***After all is said and done, there is room in our country for at least one ot two largely Afrikaans universities:***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Uitmuntendheid in die wetenskap kan deur middel van tale anders as Engels bereik word:** ***Scientific excellence can be achieved through the medium of languages other than English:***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Studente uit voorheen bevoordeelde groepe moet aanvaar dat hulle sekere geleenthede en voordele moet prysgee om voorheen benadeelde studente te help:** ***Students from previously advantaged groups must accept that they should forego certain opportunities for the sake of helping previously disadvantaged students:***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Mits ’n persoon wat in Afrikaans studeer redelik vaardig in Engels word sal sy of haar loopbaanvooruitsigte nie deur Afrikaans as onderrigtaal benadeel word nie:** ***Provided a person studying in Afrikaans becomes reasonably proficient in English, his or her career prospects will not suffer as a result of Afrikaans as language of instruction:***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Universiteite is nie gepaste plekke vir die nastreef van taal en kultuurgroep-doelwitte nie:** ***Universities are not suitable places for the pursuit of language and cultural group goals:***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Die Universiteit van Stellenbosch het 'n spesiale plig om voorheen benadeelde Afrikaanssprekende skoolverlaters deur die medium van Afrikaans te bevorder:** ***The university of Stellenbosch has a special duty to promote and support previously disadvantaged Afrikaans-speaking students through the medium of Afrikaans***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Die apartheidgeskiedenis maak dit baie moeilik om op die regte van Afrikaans op universiteite aan te dring:** ***The history of apartheid makes it very difficult to demand rights for Afrikaans at universities***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Die waarde van moedertaal-onderrig vir voorgraadse studente is so groot dat 'n universiteit dit nie terwille van enige ander doelwit mag prysgee nie:** ***The value of mother-tongue education for undergraduates is so great that a university cannot sacrifice it for any other objective:***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Of 'n mens daarvan hou of nie, is Engels 'n steeds sterker wordende wêreldtaal en universiteite moet dit in hul taalbeleid maar aanvaar:** ***Whether one likes it or not, English is strengthening as an international language and universities simply have to accept this in their language policy***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

- **Die Universiteit van Stellenbosch het 'n spesiale plig om Afrikaans te bewaar en waarborg:** ***The University of Stellenbosch has a special duty to protect and guarantee Afrikaans:***

Stem breedweg saam *Broadly agree*		**Verskil breedweg** *Broadly disagree*

37. Voor ons afsluit, net 'n paar vrae oor jou besonderhede sodat ons die resultate vir statistiese ontleding kan indeel:
Before closing, I need just a few details on you so that results can be categorised for statistical analysis:

- **Ouderdom/*Age?* .....**
- **Studiejaar/*Year of study***
  .....
- **Vir watter graadkursus EN program is jy ingeskryf/ *What degree course AND programme are you registered for?***
  .....

- **Huistaal of tale/*Home language or languages*? Afr./ Eng./ Afr. en Eng./ Xhosa/ Ander: (detail).....**
- **Taal van onderrig op hoërskool/ *language of instruction at high school*? Afr./ Eng./ Xhosa/ Ander: .....**
- **Tuisprovinsie/*Home province?* .....**
- **Simbole vir alle tale in matriek geslaag? /*Symbols for all languages passed in matric*? *(Gee taal en simbool*) .....…**
  ……
  …….
- **Was Stellenbosch jou eerste keuse van Universiteit of nie? *Was Stellenbosch your first choice of university or not?* Ja/Nee .....**
- **Kerkverband of Godsdiens/ *Religious denomination*? .....……**

Baie dankie vir jou tyd. Ons waardeer dit opreg
Thank you very much for your time. We appreciate it sincerely

Onderhoudvoerder:
Datum/s van onderhoud:.....

VERKLARING

Die bostaande vrae is aan my ……. gestel en verduidelik deur …… in Afrikaans, en ek is die taal magtig. Ek is die geleentheid gegee om vrae te stel en die vrae is tot my bevrediging beantwoord. Ek willig hiermee in om deel te neem aan die studie.
Naam van deelnemer: ……...

Handtekening van deelnemer: …….

Datum: ……

Handtekening van ondersoeker: ……..…

DECLARATION

The preceding questions were asked of me ……. by …… in English, and I am proficient in English. I was given the opportunity to to ask questions and these were answered to my satisfaction. I hereby agree to participate in the study.
Name of participant: …….

Signature of participant: ……..

Date: ……..

Signature of interviewer: …….

****